*'n Innoverende Benadering tot*

# HEILIGE GESKIEDENIS

## met inagneming van die gebooie, insettinge en verordeninge

**2de UITGAWE**

*Ouderling John L. VanDenBurgh*

# *‘n Innoverende Benadering tot*

# *HEILIGE GESKIEDENIS*

## met inagneming van die gebooie, insettinge en verordeninge

### 2de UITGAWE

Hierdie boek ondersoek die spesiale Godsprake as
‘n voordelige geleentheid in die proses om ‘n rein en heilige volk voor te berei, gereed om ten hemele gevoer te word.

*Ouderling John L. VanDenBurgh*

Vertaal na Afrikaans deur Nina Snyman

Kopiereg:  2005 Bible Explorations

Alle Kopiereg voorbehou

(Kopiëring en verspreiding vir nie-kommersiële redes en onderrig toegelaat)

# Voorwoord

Die insettinge deur God gegee en neergeskryf deur Moses het al baie bybelstudente in die war gelaat. Vir die gemaklike leser is sommige van die insettinge van God pragtig, sommige is hard en uitgedatteer, en sommige is totaal onprakties in vandag se wêreld.

Deur die beskikbaarheid van die CD ROM met EG White se geskrifte, is ‘n nuwe vlaag belangstelling aangevuur. ‘n Menigte ernstige Sewendedag Adventiste is besig om te heroorweeg.

In hierdie boek is elke Ellen G.White aanhaling nagegaan vir konteks, akkuraatheid en plasing.

Drie tipes druk is deurgaans gebruik sodat die leser maklik kan sien of die Bybel aangehaal word, en of E.G. White aangehaal word en of dit die opmerkings van die skrywer is.

Die meeste klem deur onderstreegte woorde, hakies en kursiewe druk is voorsien deur die samesteller.

Ek het besluit op hierdie onderwerp as gevolg van die vrae gevra en stellings gemaak teenoor my deur ons eie kerklidmate. As ‘n evangelis kan ek eerlik sê dat ek al mense ontmoet het by amper elke reeks lesings oor die laaste paar jaar, wat almal stilweg nuuskierig is, en baiemaal ernstig is, oor die geskrifte van Levítikus en Deuteronómium.

As daar iets in hiedie boek is wat iemand se lewe gelukkiger maak en hom meer soos Jesus maak, is die studie die moeite werd.

Die uwe, *Ouderling J.L. VanDenBurgh*

Die Afrikaanse vertalings van die oorspronklike Engelse Ellen White publikasies is geneem soos dit verskyn op die webbladsy egwwritings.org en vanuit ander gedrukte publikasies. Waar daar nie Afrikaanse vertalings beskikbaar was nie, is vry vertaling gedoen deur die vertaler. Verwysings sluit in beide Afrikaanse vertaalde publikasies en Engelse oorspronklike publikasies.

# Sleutel tot die Afkortings van E.G.White Materiaal

*AA… Acts of the Apostles*

*BC or SDABC… Seventh-day Adventist Bible Commentary*

*CH… Councils on Health*

*COL… Christ Object Lessons*

*DA… Desire of Ages*

*EG… Eerste Geskrifte (Afrikaanse vertaling van Early Writings)*

*EW… Early Writings*

*FE… Funamentals to Christian Education*

*FBL…The Faith I Live By*

*GC… Great Controversy*

*GS… Groot Stryd (Afrikaanse vertaling van Great Controvercy)*

*HA… Handelinge van die Apostels (Afr vertaling van Acts of the Apostels)*

*HP… In Heavenly Places*

*KE… Koning van die Eeue (Afrikaanse vertaling van Desire of Ages)*

*LDE… Last Day Events*

*LP… Sketches from the Life of Paul*

*MH… Ministry of Healing*

*PK… Prophets and Kings*

*PP… Patriarchs and Prophets/Patriarge en Profete*

*SD… Sons and Daughters of God*

*SM… Selected Messages*

*SP… Spirit of Prophecy*

*SW… Southern Watchman or The Watchman*

*ST… Signs of the Times*

Nommers vooraan die afkortings verteenwoordig die volume.
Nommers agteraan die afkortings verteenwoordig die bladsy nommers.

# INHOUD


Hoofstuk 1 God se insettinge ... 6

Insettinge wat behoue is

Christus aan die woord vanuit die wolkkolom

Hoofstuk 2 Insettinge wat afgeskaf is ... 12

Hoe om Christus te behaag

'n Koninklike priesterdom

Hoofstuk 3 Heilige Dae ... 20

Wie die Heilige Dae ingestel het

Wie die heilige dae afgeskaf het

Die Sabbat meer volledig

Die Elía-boodskap

Hoofstuk 4 Die Grootste van die Feesdae ... 28

Ander feesdae in die boek Handelinge

Die Vraag oor die Pasga

Hoofstuk 5 Seremoniële sabbatte? ... 34

Appels en Pere

Die ideale tyd vir herlewing

Die kontinuïteit van die Pasga

Hoofstuk 6 Nuwe Testamentiese Verwysings ... 41

Addisionele Nuwe-Testamentiese verwysings na die feeste

Eerste-eeuse christene en die feeste

Die beste voorbeeld

Hoofstuk 7 Huttefees .......................................................................... 47

Ellen White en die Huttefees

Hoofstuk 8 Sabbatte en hul skadu's.................................................... 51

Wat is so opwindend?

Die Berg van Feesdae

Hoofstuk 9 Kolossense hoofstuk 2 ....................................................... 60

Die tydsbeplanning van die eindtydgebeure?

Slagoffers op die 7de-dag Sabbat

Owerhede en magte

Hoofstuk 10 Datering van die feesdae ................................................ 69

'n Rein en heilige volk

Jakobus hoofstuk II ~ Insettinge in die Nuwe Testament

# Hoofstuk Een

## God se insettinge

Daar is drie primêre denkrigtings onder die wat die Joodse ekonomie en die betekenis daarvan vir die oorblyfselkerk van die 144 000 bestudeer. Al drie uitgangspunte haal die Gees van Profesie aan om hulle geloof te ondersteun. Hier is die drie primêre maar teenstrydige denkrigtings:

Eerstens, die wat glo dat die meeste van die Ou Testamentiese verpligtinge by die kruis ontmoet, behalwe die Tien Gebooie, en hulle haal stellings soos die volgende aan:

**"In hierdie verordening (die laaste avondmaal) het Christus sy dissipels vrygemaak van die sorge en laste van die eeue-oue Joodse verpligtinge in rites en seremonies. Hierdie dinge dra nie meer enige deug nie; want tipe het ontmoet in anti-tipe in Homself… Hy het hierdie eenvoudige verordening gegee sodat dit atyd 'n spesiale tyd sal wees wanneer Hyself teenwoordig sou wees…" 5 BC 1139.**

Tweedens, die wat glo dat die tye van God se heilige dae in die Ou Testament weer betekenisvol sal word in die laaste dae, publiseer aanhalings oor die Pasga, die Eerste Vrugte, en die Dag van Versoening soos volg:

**"Op dieselfde wyse moet die tipes wat betrekking het op die tweede koms ook op die tye vervul word soos in die simboliese diens aangetoon is." GS 456; GC 399, 400. (Die woord "tipes" verwys in hierdie aanhaling na God se heilige dae.)**

Derdens, die wat diep delf in die onderwerp van God se heilige dae, met die geloof dat baie definitiewe en belangrike lig nog moet skyn op die onderwerp, sal stellings soos die volgende aanhaal:

**“Ons begryp die betekenis van die Joodse stelsel nog nie ten volle nie. Omvattende grondige waarhede word deur sy rites en simbole uitgebeeld…” Gelykenisse van Christus P. 85; COL 133.**

Ons sal nou begin om opwindende aanhalings van Ellen White te ondersoek om te sien watter beduidende skatte ons kan ontdek. Ons mag dalk plofbare waarhede ontdek wat waarlik groots en diepgaande is!

## Insettinge wat behoue bly

Vir baie jare geniet ons die voordele in die onderhouding van die insettinge van tiendes en onrein voedsel. In die volgende paragrawe vind ons ten minste nog drie insettinge om te oorweeg.

***Almal soek geestelike sekuriteit. Hier’s die manier om dit te bekom!***

**“Die insettinge in die huwelik, erflating en handhawing van strenge geregtigheid in daaglikse omgang met mekaar, was eienaardig en in kontras met die gewoontes van ander volke, en dit was ontwerp om Sy volk eenkant van ander nasies te hou. Die nodigheid hiervan om die mense van God te weerhou om te word soos mense wat geen liefde en vrees vir God gehad het nie, en is steeds vandag dieselfde in hierdie korrupte wêreld, onderwyl die oortreding van God se wette seëvier en afgodsdiens heeltemal oorneem. *As ou Israel sulke beskerming nodig gehad het, hoeveel te meer nie ons nie*, sodat ons nie heeltemal verwar word deur die oortreders van God se wette nie.” (klem ingevoeg) 1 RH 164 06 May 1875.**

Ellen White het haarself ingereken in die “ons” in die huidige kerk wat sal voordeel trek as ons die bogenoemde insettinge onderhou.

Wat is die beskerming wat ons benodig volgens die bogenoemde stelling? Die insettinge van Moses omtrent die huwelik, erflating en

handhawing van strenge geregtigheid in daaglikse omgang met mekaar. Hierdie drie items sluit baie in. Baie, indien nie almal, van God se insettinge opereer binne hierdie drie kategorieë.

**"As gevolg van aanhoudende oortreding, is die morele wet met verskriklike grootsheid herhaal vanaf Sinai. Christus het aan Moses godsdienstige voorskrifte gegee wat in die alledaagse lewe gehandhaaf moes word. Hierdie insettinge is uitdruklik gegee met die doel om die Tien Gebooie te beskerm. Hulle was nie skadu-tipes wat weggeneem is met die dood van Christus nie. Hulle is van toepassing en bindend op alle mense van alle eeue solank as wat tyd bestaan. Hierdie gebooie is afgedwing deur die krag van die morele wet, en hulle gee *duidelike en definitiewe verklarings van daardie wet*." (klem ingevoeg) 1RH 164; 1 SDA BC 1104.**

Iets wat die 10 Gebooie beskerm en verduidelik is nie die 10 Gebooie nie. Die addisonele godsdienstige voorskrifte gegee aan Moses, is gegee om die 10 Gebooie se lyfwagte en uiteensettings te wees.

Let op sommige van die insettinge van toepassing op die "alledaagse lewe" soos deur Ellen White genoem in 3 RH 213: (Sien Deut 24:12-17)

**1. "Jy mag 'n arm en behoeftige dagloner uit jou broers of uit jou vreemdelinge wat in jou land in jou poorte is, nie verdruk nie."**

**2. "Op die dag self moet jy sy loon gee, sodat die son oor hom nie ondergaan nie—want hy is arm en sy siel verlang daarna…"**

**3. "Jy mag die reg van die vreemdeling …nie verdraai nie…"**

**4. "Die dagloner se loon mag by jou nie tot die môre toe bly nie." (Lev 19:13)**

Hier is die beginsel: watter reg het ek om rente te trek op geld wat aan die arme behoort? Let op wat die Gees van Profesie sê omtrent hierdie vier insettinge:

**"Die Here Jesus het hierdie gebooie gegee vanuit die wolkkolom, en Moses het dit oorgedra aan die kinders van Israel en opgeskryf in 'n boek, sodat hulle nie sou afwyk van die geregtigheid nie. *Ons is onder die verpligting om hierdie spesifikasies te vervul*, want sodoende vervul ons die spesifikasies van die wet van God." (klem ingevoeg) 3 RH 231, 18 Des.1894.**

Hierdie is dan sommige van die insettinge wat die wet van God bewaak en verduidelik. Let op dat, anders as wat ek eens geglo het, is daar sommige insettinge, opgeskryf in 'n boek, wat van spesiale belangrikheid is vir die van ons wat nie wil afwyk van die geregtigheid nie. Ons behoort dit te vervul.

**5. "Laat niemand dan sy naaste verdruk nie, en vrees jy jou God. Hierdie woorde is deur Christus gespreek vanuit die wolkkolom. Dieselfde leermeester wat hierdie woorde gespreek het, is ook die Een wat die bergpredikasie gelewer het. Dit was Christus wat gesê het: 'Jy moet my insettinge doen en my gebooie onderhou.' Christus het dieselfde beginsels met die saligsprekinge neergelê as wat op die Berg Sinai gegee is." ST 11 Jun.1896.**

*Niemand wil onkundig of onseker wees nie. Hier is wat jy benodig om sekerheid te bekom: Lees Deut 26-28.*

Baie van die insettinge word gegee in Deut 26, en hulle verordeninge in hoofstukke 27 en 28. Mev. White maak opmerkings oor hierdie hoofstukke:

**"Hierdie is nie die stem van die mens nie. Dit is die stem van Christus vanuit die omarmende wolkkolom. Lees versigtig deur Deut. 26, asook deur hoofstukke 27 en 28, want hier word die seëninge van gehoorsaamheid duidelik omskryf.**

**"Hierdie aanduidings, wat die Here aan sy mense gegee het, gee uitdrukking aan die beginsels van die wet van God; en hulle word spesifiek deurgegee, sodat die mense *nie in onkunde of in die duister gelaat is nie*.**

***Hierdie verse verteenwoordig die verpligting wat nooit ophou*, van almal wat God geseën het met lewe en gesondheid en die voordele van die tydelike en van die geestelike dinge.” (klem ingevoeg) 4 RH 249.**

Volgens E.G.White, watter opdrag moet ons ter harte neem?

**“Ek gee jou die raad om jou hart te verneder en jou verkeerdhede te belei. Neem in ag die plegtige pleidooi wat Dawid aan Salomo gegee het op sy sterfbed: ‘Ek gaan heen op die weg van die hele aarde: wees dan sterk en word ‘n man; en onderhou die ordening van die HERE jou God *deur te wandel in sy weë, deur Sy insettinge, Sy gebooie en Sy verordeninge en Sy getuienisse te onderhou*, soos geskrywe is in die wet van Moses, sodat jy voorspoedig kan uitvoer alles wat jy doen, en alles waartoe jy jou begewe.’ Neem dit plegtig aan in jou eie hart (sê Ellen White). Laat niemand jou in verkeerde optrede inpraat nie…” (klem ingevoeg) 5 T 509.**

Bedoel Ellen White regtig dat ons God se insettinge, Sy gebooeie, Sy verordeninge en Sy getuienisse moet onderhou? Is ongehoorsaamheid aan hierdie dinge werklik verkeerd? Moet ons werklik die bogenoemde plegtige pleidooie aanneem in ons eie harte? Hoekom? Miskien beantwoord die volgende aanhaling, wat bedoel is vir die laaste geslag, hierdie vrae:

**“Dat God, wat die harte van almal ken, aan die lig sal bring die versteekte dinge in duisternis gehul waar hulle dalk die minste verwag word, sodat struikelblokke wat die progressie van die waarheid verhinder uit die weg geruim kan word, en dat God ‘n rein en heilige volk sal hê wat sy insettinge en verordeninge kan bekend maak.**

**“Die Kaptein van ons verlossing lei sy mense stap vir stap, Hy maak hulle rein en gereed**

Wil jy ander help om ten hemele gevoer te word?

Verkondig God se omsettinge en verordeninge!

**om ten hemele gevoer te word, en laat die agter wat beskik is om van die liggaam af te trek, wat nie gewillig is om gelei te word nie…" 1 T 333.**

Hierdie stelling verseker ons dat daar ten minste nog sekere van die wette van Moses, soos opgeteken in die wetboek, steeds waardig is om ons aandag te kry. Mev. White, van wie ons glo dat sy meer geestelike insig gehad het as meeste van ons, het baie eenvoudig beskryf dat hierdie insettinge een van die dae deur 'n rein en heilige volk bekend gemaak sal word, 'n volk gereed om ten hemele gevoer te word. Sekerlik word die 144 000 hier geïmpliseer.

Party mense dink dat, elke keer as die woord "insettinge" gebruik word, verwys dit na die feeste van Levítikus. Dit is nie so nie. Ons almal weet dat daar baie meer insettinge as net die feeste is. Hier is 'n dubbele waarheid: Nie alle insettinge is feeste nie, en nie alle feeste is insettinge nie.

Vraag: Hoe kan die 144 000 as 'n rein en heilige volk, die insettinge bekend maak as hulle nie eens weet wat hulle is nie?

Nog 'n vraag: Watter verordeninge is aan die kruis vasgenael? Beide Ellen White en Paulus sê dat sommige van die verordeninge nie meer van toepassing is nie. Maar watter van hulle?

# Hoofstuk Twee

## Insettinge wat afgeskaf is

Die profeet Eségiël verwys na verordeninge wat Ellen White aandui nie meer deur God se Nuwe Testamentiese kerk uitgevoer moet word nie. Sy verwys na die verordeninge van die altaar.

**"En hy het vir my gesê: Mensekind, so spreek die Here HERE: Dit is die verordeninge van die altaar: Op die dag as dit gemaak word om brandoffers daarop te bring en om bloed daarteen uit te gooi." Eseg.43:18**

Die teks gaan voort om die insettinge te verduidelik wat die priesterskap se werk beskryf as offerandes van diere gebring moet word.

Kom ons kyk wat ons pioniers geskryf het omtrent hierdie verordeninge van die offerstelsel:

**1. "Die seremoniële wet bestaan uit simbole wat na Christus, sy soenoffer en sy priesterskap vooruit gewys het. [Hierdie wet verskil van die doel van die insettinge (of instellinge) wat gegee was om die tien gebooie te bewaak.] Die Hebreërs moes die rituele wet, met sy offers en instellinge verrig, totdat die beeld sy teenbeeld ontmoet in Christus, die Lam van God, wat die sonde van die wêreld wegneem. Daarna moes al die offers ophou. Dit is die wet wat Christus "weggeruim het deur dit aan die kruis van te nael.' " (hakies ingevoeg) Patriarge en Profete P375; Patriarchs and Prophets P 365.**

**"en die skuldbrief teen ons, wat met sy insettinge ons vyandig was, uitgedelg en weggeruim het deur dit aan die kruis vas te nael." Kol.2:14.**

Watter wet is teen die kruis vasgenael? PP p.365 dui aan dit is die wet van die offerandes, wat vervat is in die insettinge van die altaar.

**2. "Die seremoniële wet het antwoorde verskaf om 'n spesifieke doel van Christus se verlossingsplan vir die menslike ras te bereik. Die tipiese stelsel van die slagoffers en offerande is ingestel sodat, deur hierdie dienste, die sondaar Christus, die groot offer, kan onderskei." 1 RH 164, 6 May 1875.**

Slag ons diereoffers? Nooit! Hier's die rede.

Kyk na die kruis en wat sien jy daar? Die einde van die offerstelsel deur die Offer van alle offers. Jesus se dood het die "insettinge van die offer-altaar" voltooi.

(Die bogenoemde "offers" wat met diere-offers geassosieer word, was baiemaal ook graan, olie en wyn. Hulle word ook in die Afrikaans Ou Vertaling as "spysoffers" en in KJV as "obligations" vertaal. Sien Num. 28. Ons SDA Bible Commentary beskryf "obligations" as "grain offerings.")

Onthou jy die profesie van Dan.9:27? Na die 62 weke het die "slagoffers en spysoffers" tot 'n einde gekom. Hierdie slagoffers en spysoffers was die diere-slagoffers asook die graan (meel), olie en wyn offers.

Daniël sê niks verder omtrent die beëindiging van enigiets anders by die kruis nie.

**3. "Nie een woord wat uit die mond van God voortgekom het, sal leeg gelaat word voordat dit nie geskiedenis geword het nie, soos in die geval van die *offerandes* wat Christus voorafgegaan het nie. Tipe en anti-tipe ontmoet in die dood van die Seun van God." (klem ingevoeg) 4RH 160, 27 Feb. 1900.**

**4. "(Christus) was die grondslag van hulle offerstelsel, die groot teenbeeld van al hulle godsdiens-oefeninge. Die offerbloed wat gestort is het vooruit na die soenoffer van die Lam van God gewys. Alle sinnebeeldige**

**offers is in Hom vervul. (hakies en klem ingevoeg) Gelykenisse van Christus p.80-81; COL 126.**

Weereens, die tipiese offers, die slagoffers, is vervul in Christus.

**5. "Toe die sinnebeelde die teenbeelde in die dood van Christus ontmoet het, is die offerstelsel beëindig. Die seremoniële wette is weggeneem." The Watchman, 14 Aug. 1906; 4RH 193; 26Jun. 1900.**

Let op, in die bogaande sin vergelyk die Gees van Profesie die "offerstelsel" met "die" seremoniële wet wat "weggeneem is."

**6. Die Here het Moses duidelike opdragte omtrent die *seremoniële wette wat weggeneem moes word* tydens die dood van Christus, gegee." (klem ingevoeg) ST 17Jun.1880.**

Let weer op dat Ellen White 'n onderskeid tref tussen (1) die insettinge van die offerstelsel en (2) die ander insettinge en (3) die 10 Gebooie in die volgende aanhaling:

**"Nadat Moses die wet in die openbaar herhaal het, het hy die wette, die insettinge en die regte wat God hom gegee het, en ook die ordeninge betreffende die offerstelsel, klaar neergeskryf." [Let op: "ordeninge" is 'n ander term vir "verordeninge."] Patriarge en Profete P. 489; Patriarchs and Prophets P466.**

## GEVOLGTREKKING

Deur 'n ondersoek van die informasie sover voorgelê, sien ons dat die Tien Gebooie, die insettinge gehandhaaf in die daaglikse lewe, die verordeninge wat God deur Moses gegee het, plus al die verordeninge omtrent die offerstelsel, alles deel vorm van die Joodse ekonomie.

Natuurlik het Jesus die verordeninge van die offerstelsel vervul. Maar wat van die wet, die insettinge en die ander verordeninge? Ons stem almal

saam dat die Dekaloog nog met ons is, maar tot watter addisionele gevolgtrekking moet ons kom omtrent die insettinge?

In die volgende afdeling sal ons 'n paar stellings lees omtrent die insettinge.

## Met betrekking tot die Insettinge

Pam Benton beskryf in haar boek "Diamonds in the sand" watter insettinge vir ewig onderhou moet word en watter nie: "Ons Engels woord 'statue,' [vertaal na Afrikaans met die woord "insetting" in AOV] kom van twee oorspronklike Hebreeuse woorde, Strong's #2706 *choq* en Strong's #2708 *chuggah*. Volgens Strong's Lexical Aids, is die definisies vir beide woorde dieselfde, maar #2708 het die bykomende wysiging/beperking dat dit 'n ewige binding is. Die woord 'insetting' (#2706) verwys altyd na die offerstelsel en is nie ewig bindend nie. Die woord 'insettinge' (#2708) verwys na die morele wet, wat God se feesdae van Lev.23 insluit, en is permanent bindend. Dus verduidelik die oorspronklike Hebreeuse woorde aan ons watter insettinge ewig bindend is." (blokhakies ingevoeg deur vertaler)

Nog 'n interessante feit wat sy noem, is dat "die insettinge (#2706) van die offerstelsel in die manlike vorm is, terwyl God se feesdae se insettinge (#2708) in die vroulike vorm is. Jesus, ons bruidegom, het 'n man geword en vir ons sondes kom sterf, en dit vervul die insettinge van die offerstelsel in die manlike vorm en wat bindend is tot en met die kruis. God se kerk, die Bruid, vervul die morele wet se insettinge wat in die vroulike vorm is, en wat bindend is vir ewig. God se feesdae is deel van die insettinge wat in die vroulike vorm is, en vorm dus deel van die morele wet wat vir ewig bindend is. Die Bruid (God se volk) erken die verskriklike prys wat die Bruidegom (Jesus) moes betaal het en dus eer sy haar Bruidegom deur elke jaar ekstra tyd met Hom deur te bring, vir ewig. Sy doen dit uit diepe liefde wat sy vir Hom het en nie as gevolg van 'n diens wat sy 'moet verrig' nie. Deur God se Heilige Feesdae te hou vervul sy Christus se verbond met haar,

die bruid. (Sien Open.21:2,9). Net dié wat die wit kleed (die boodskap van die Versoendag), wat Jesus se geregtigheid voorstel, dra, sal gered word. (Matt. 22:11-13).”

Nog ‘n manier om te sien of die insettinge vir ewig bindend is of nie, is om te kyk na ander Bybelteksverse wat dit elders noem. In Dan. 9:27 sê die Bybel dat die offerstelsel by die kruis beëindig sal word. Verder, volgens Jes.66:22-23, Sag.14:16 en Luk.22:15-16 sal die weeklikse sabbat en die jaarlikse feesdae ook in die toekoms gehou word. Die Bybel is konsekwent.

Deur te kenne te gee dat sommige insettinge aan die kruis vasgenael is en sommige insettinge behoue gebly het, kan ons dalk stellings soos die volgende beter verstaan:

Wil jy werklik vir Christus behaag? Hier’s raad!

**1. Dit sal vir God en die engele welbehaaglik wees as sy volk in hierdie geslag verenig soos Israel van ouds (verwysend na die herlewing in die dae van Nehemía), in ‘n plegtige verbond om gehoorsaam te wees aan al die gebooie van die Here ons God, en sy verordeninge, en sy insettinge.” (hakies ingevoeg) ST 10Jan.1884; Southern Watchman, 7Jun.1904.**

**2. “Daar moet niks agterweë gehou word van ons kant af as dit kom by ons dienste en ons besittings, as ons ons verbond met God vervul. Vandag beveel die HERE jou God jou om hierdie insettinge en verordeninge na te kom; onderhou dan en doen dit met jou hele hart en met jou hele siel.” 1 MR 117. (Deut 26:16)**

Na die bogenoemde aanhaling van Deut.26:16, moedig Ellen White ons aan om die Tien Gebooie te onderhou. Dit lyk of sy die insettinge en die Tien Gebooie ineenvleg, soos wat die Jode gedoen het, deur hulle almal die wet van God te noem.

**3. "Die beginsels uiteengesit in Deuteronómium om Israel te onderrig,** ***moet deur God se volk tot en met die einde van tye onderhou word.*** **Ons vooruitgang is afhanklik van die voortsetting van ons verbond met God." (klem ingevoeg) RH 25Apr.1907.**

Ellen White verbind die Tien Gebooie met nog een van die ander insettinge van Moses:

**"Dit is voorgestel deur sommige dat Christus die matige gebruik van wyn wat gegis het, goedgekeur het. Ter ondersteuning daarvan verwys hulle na Sy wonderwerk om water in wyn te verander. Maar ons staan voor dat Hy nooit bedwelmende wyn gemaak het nie. So 'n daad sou strydig wees met al sy lering en die voorbeeld van Sy lewe.**

**"Hy was die Engel wat die kinders van Israel in die woestyn gelei het. Hy het die wet uitgespreek op Sinai. Hy het die wat heilige dienste moes verrig, verbied om wyn te drink. [ONTHOU: DIE 144 000 SAL 'N HEILIGE PRIESTERDOM WEES]; en Sy redes hiervoor is duidelik: sodat hulle duidelike onderskeid kon tref tussen wat heilig is en wat algemeen is; om reg aan die wese en weduwees te verskaf, om sy insettinge en wette aan Israel voor te hou; en om geen omkoopgeskenke te ontvang nie. Die wat die wet van God afskaf om weg te doen met die Sabbat, doen ook weg met die plegtige beperkings teen die gebruik van alkohol." (hakies ingevoeg) ST 29Aug.1879; Health Reformer 1Jul.1878, p.11.**

Hoekom sê mev. White dat "die wat die wet van God afskaf om weg te doen met die Sabbat, doen ook weg met die plegtige beperkings teen die gebruik van alkohol?" Want sy, en ook die Israeliete van ouds, het die insettinge binne die wet van God geplaas.

Daar is meer as een rede hoekom hierdie stelling in die boek Health Reformer geplaas is. Aanvanklik was daar wonderlike gesondheidsvoordele belowe aan God se kerk indien hulle die integriteit van die insettinge sou behou:

God sou hulle beskerm van gewasse, sere met etter, die “jeuk”, inflamasie van die knieë, ens. as hulle baie nougeset hou by die gebooie en Sy insettinge. Sien Deut 28: 15, 27, 35 en 45-47.

**“… Sodat struikelblokke wat die progressie van waarheid verhinder, uit die weg geruim kan word, en dat God ‘n rein en heilige volk kan hê wat die insettinge en verordeninge van God kan bekend maak. Die Kaptein van ons verlossing lei sy mense stap vir stap, Hy maak hulle rein en gereed om ten hemele gevoer te word…” 1 T 333.**

Die Christen wie God se Boek ernstig opneem erken die roeping tot heilige werking. Hy wil struikelblokke uit die weg geruim kry, en as Nuwe Testamentiese priester sal hy geen wyn drink nie.

**“en laat julle ook soos lewende stene opbou, tot ‘n geestelike huis, ‘n heilige priesterdom, om geestelike offers te bring wat aan God welgevallig is deur Jesus Christus.” 1Pet 2:5.**

***Al ooit gedink om ‘n priester te word?***
***God verkies dit!***

**“Maar julle is ‘n uitverkore geslag, ‘n koninklike priesterdom, ‘n heilige volk, ‘n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig.” 1Pet 2:9.**

**“en ons gemaak het konings en priesters vir sy God en Vader, aan Hom die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid! Amen.” Open. 1:6.**

**“Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom as konings regeer duisend jaar lank.” Open. 20:6.**

# VERWARRING OOR GOD SE INSETTINGE VANUIT TWEE ASPEKTE:

Eerstens, oor die verskeie en diverse interpretasies van Kolossense 2 vers 16, wat ons sal ondersoek in hoofstuk 9. Die tweede oorsaak van verwarring vind sy oorsprong in die feit dat sommige van God se heilige feesdae, gegee aan die Israeliete op Sinai, ook insettinge genoem word.

Voorbeelde is:

## DAG VAN VERSOENING

**"…dit is 'n ewige insetting vir julle geslagte in al julle woonplekke." Lev 23:28,31 AOV.**

## LOOFHUTTEFEES

**"En julle moet dit as fees van die HERE sewe dae in die jaar vier. Dit is 'n ewige insetting vir julle geslagte." Lev 23:41 AOV.**

## PINKSTERFEES

**"…Dit is 'n ewige insetting in al julle woonplekke vir julle geslagte." Lev 23:21 AOV.**

# Hoofstuk Drie

## Heilige Dae

## Twee feite omtrent die totstandkoming en afskaffing van Heilige Insetting Dae

### Eerstens, die tyd van hulle totstandkoming

**"En God het gesê: Laat daar ligte wees aan die uitspansel van die hemel, om skeiding te maak tussen die dag en die nag; en laat hulle dien as tekens sowel vir vaste tye, asook vir dae sowel as jare." Gen 1:14. AOV.**

**"Toe het God gesê: Laat daar ligte wees aan die hemelgewelf om dag en nag van mekaar te onderskei. Hulle moet ook as tekens dien om seisoene, dae en jare aan te dui." Gen 1:14, 1983 Afr Vertaling.**

**"Then God commanded, let lights appear in the sky to separate day from night and to show the times when days, years and religious festivals begin." Gen 1:14, Good News Bible.**

**"God said, 'Let there be lighs in the vault of the heaven to divide day from night, and let them indicate festivals, days and years.' " Gen 1:14, Jerusalem Bible.**

Feesdae word bepaal deur die maan; dag en nag deur die aarde se rotasie om sy as, en jare word bepaal deur die son.

**"God said, let there be lights in the vault of heaven, to separate day from night, and let them serve as signs both for festivals and for seasons and years." Gen 1:14, New English Bible.**

**And God said, Let there be lights in the firmament of the heaven to divide the day from the night; and let them be for signs, and for seasons, and for days, and years. Gen 1:14 KJV.**

**Let op: oor die KJV (en AOV): Die Bible Commentary sê onder "seisoen"/"festivals": "Jaarlikse wederkerende feestelike seisoene en ander vasgestelde tye word bepaal deur die beweging van die hemelse liggame." 1 BC 213.**

Die woord "seisoene" kom van die Hebreeuse woord "mo'ed." Strong se Konkordansie #4150 gee die Engelse vertaling van "mo'ed" as "feasts = appointed times" of "feeste = vasgestelde tye."

In die dae van die skepping, dieselfde tyd wat die grondslag van die Sewendedag Sabbat gelê is, is ook die "mo'ed" (vasgestelde tye) gegee deur God vir sy godsdienstige feeste.

## <u>Tweedens, die tyd van afskaffing</u>

Nou wat van feit nommer twee? Wanneer is God se feesdae verwyder vanuit bewaking deur die heiliges? Deur wie en wanneer is hulle verwyder? Somminge sê deur Jesus, ander sê deur Paulus, en ander sê weer deur die klein horinkie van Daniël 7. Kom ons ondersoek die laaste voorstel omtrent Daniël 7. Om konsekwent te bly, sal ons Daniël 7:25 aanhaal van verskeie Bybelvertalings:

**"En hy sal woorde spreek teen die Allerhoogste en die heiliges van die Allerhoogste mishandel; en hy sal probeer om tye en wet te verander, en hulle sal in sy hand oorgegee word gedurende 'n tyd en tye en die helfte van 'n tyd." Dan 7:25 AOV.**

**"En hy sal teen die Allerhoogste laster, en die heiliges van die Allerhoogste vervolg, hy sal probeer om die godsdienstige feeste en wette**

**te verander, en die heiliges van die Allerhoogste sal in sy mag oorgegee word vir die hele vasgestelde tyd." Dan 7:25, 1983 Afr Vertaling.**

***Raai wie het God se wette verander? Is jy seker jy wil weet?***

**"He will speak against the supreme God and oppress God's people. He will try to change their religious laws and festivals, and God's people will be under his power for three and a half years." Dan 7:25, Good News Bible.**

**"He shall vaunt himself agains the Most High, and harass the saints of the Most High: he shall plan to alter the sacred seasons of the Most High, and for three and a half years the saints shall be handed over to him." Dan 7:25, Mofatt Bible.**

**"Boastfully he shall challenge the Most High, and do his servants despite; calendar and ordinance he shall think to set aside." Dan 7:25, Knox Bible.**

**"And he shall speak *great* words against the most High, and shall wear out the saints of the most High, and think to change times and laws: and they shall be given into his hand until a time and times and the dividing of time." Dan 7:25, KJV.**

**"He shall speak against the Most High, thinking to change the feast days and the law." Dan 7:25, New American Bible.**

Dit is interessant dat die New Catholic Translation, gepubliseer deur Thomas Nelson, Inc., dieselfde sê:

**"… thinking to change feast days and the law."**

As die merk van die dier ondersoek word, haal Adventiste baiemaal die brief van T. Enright, C.S.S.R., Biskop van Alphonsus Kerk, St.Louis, Missouri, van June 1905 aan, waar hy $1000 aanbied:

**“Aan enigiemand wat aan my kan bewys, vanuit die Bybel alleenlik, dat ek gebind is, onder ernstige sonde, om die Sondag heilig te hou.”**

Maar hierdie spesifieke brief bevat heelwat meer. Die Sewendedag Sabbat is nie al wat in hierdie brief vervat is onder hierdie onderwerp nie. Dit gaan voort:

**“Die Katolieke Kerk het nie net die Sabbat afgeskaf nie, maar ook die ander Joodse feesdae.”**

Nou ken ons die res van die storie. ‘n Ander bron stel hierdie waarheid meer eenvoudig:

**“Die nuwe wet het sy eie gees… en sy eie feeste wat die plek neem van dié wat vasgestel is in die wet van Moses. As ons wil weet watter dae om te onderhou… moet ons na die Katolieke Kerk gaan, nie na die wet van Moses nie.” Vry vertaal na Afrikaans vanuit ‘n Katolieke Kategese, soos gepubliseer in Signs of the Times, 4 Nov 1919.**

Oor die merk van die dier skryf Ellen White soos volg:

**“Die merk van die dier is presies wat dit verkondig is om te wees. Nie alles omtrent hierdie saak word verstaan nie; en sal nie verstaan word totdat die boekrol oopgerol word nie…” 8 T 159, CH 520; LDE 17; 6 T 17.**

As God se heilige tye die presiese twispunt is, watter ooprol van die boek sal dit duideliker maak aan die einde van tye? Wat daarvan as dit die uitbreiding van die heilige tye is na die ander sewe sabbatdae wat in opdrag van God gegee is op die Berg Sinai? As dit die geval is, sal die taal van die merk en die seël oorgedra word na hierdie heilige dae.

Daar is direkte aanhaling van so ‘n teken in vers 9 in die volgende teksverse:

**Eks.13:6 Sewe dae lank moet jy ongesuurde brode eet, en op die sewende dag is daar fees tot eer van die HERE.**

**Eks 13:7 Ongesuurde brode moet die sewe dae geëet word: by jou mag geen gesuurde brood gesien word nie, en geen suurdeeg mag by jou in jou hele grondgebied gesien word nie.**

**Eks 13:8 En jy moet jou seun op dié dag vertel en sê: Dit geskied ter wille van wat die HERE aan my gedoen het toe ek uit Egipte uitgetrek het.**

**Eks 13:9 En dit moet vir jou *as 'n teken wees op jou hand* en 'n gedenkteken *tussen jou oë*, sodat die wet van die HERE *in jou mond mag wees*; want deur 'n sterke hand het die HERE jou uit Egipte uitgelei.**

**Eks 13:10 Daarom moet jy hierdie insetting onderhou op die daarvoor bepaalde tyd, van jaar tot jaar. AOV.**

Sekerlik sal God se heiliges die teken/seël op die hand hê, en die wet van die Here duidelik in hulle monde wanneer hulle getuienis lewer teenoor 'n rebelse merk-van-die-dier wêreld. (Vir die insettinge op die voorhoof en op die hand, sien Deut. 6:8, 11:1, 18.)

Dit is duidelik dat die sewendedag sabbat die tydelike uitweg is omtrent die merk van die dier soos gegee in Open. 14:7; dit sal dalk ook beduidend wees dat die onderhouding van AL die gebooie van God ingesluit is in die eienskappe van dié wat die merk van die dier nie aanneem nie. Sien Open. 14:12.

## Tyd van benoudheid en die sabbat met groter krag

Die gedagtes van Mervin Abbott oor Ellen White se stellings in Eerste Geskrifte is waardig om te oordink. Hy haal eers Ellen White aan, en gebruik dan *haar* woorde as 'n verduideliking:

**"En aan die begin van die tyd van benoudheid is ons vervul met die Heilige Gees toe ons uitgaan en die Sabbat met groter krag verkondig het." (onderstreping ingevoeg), ("Sabbat met groter krag" vertaal uit oorspronklike Engels: "Sabbath more fully") Eerste Geskrifte P.22, EW 33.**

“As kind het ek hierdie stelling uit Eerste Geskrifte gelees en besef dat daar iets spesiaals omtrent die Sabbat verstaan en **verkondig** sal word gedurende die **“begin”** van die tyd van benoudheid. Toe ek my moeder gevra het “Wat is die **Sabbat met groter krag**?” het sy nie geweet nie. Sedertdien het ek oor die jare verskeie opinies gehoor. Suster White verduidelik self.”

**“Omdat die begrip van die volk weens hulle slawerny en hulle aanraking met die heidendom verblind en verlaag was, was hulle nog nie gereed om die verreikende beginsels van Gods tien gebooie te waardeer nie. Daar is *verdere wette aan hulle gegee* om die beginsels van die 10 gebooie uit te beeld en toe te pas, sodat hulle die verpligtinge van die Dekaloog beter kon verstaan en toepas.” (klem ingevoeg) Patriarge en Profete P.315, Patriarchs and Prophets P.310. {“beter kon verstaan” word in Engels uitgedruk as “more fully understood”, wat aansluit by “sabbath more fully” in EW, soos vroeër aangehaal}**

**“Die volk is weer aan die heilige verpligting van die sabbat herinner. Jaarlikse feeste is ingestel; dan moet al die manne van die volk saamkom en hulle dankoffers en eerstelinge van Sy mildadigheid saambring.” (klem ingevoeg) Patriarge en Profete P.316, Patriarchs and Prophets P.311.**

Dan voeg mr. Abbott by in hoofletters: “LEES BINNE KONTEKS!” Vry vertaal na Afrikaans uit: Paul the Sabbath Keeper? And the National Easter Sunday Law, deur Mervin H.Abbott, p.15.

## Die groot boek van insettinge

Die Torah is neergepen in die eerste vyf boeke van die Bybel. Dit bevat die storie van Satan se verleiding van die mensdom in die tuin van Eden, en dit bevat ook die aaklike ondergang van die mensdom in die verwoesting van die vloed. Die Torah bevat baie meer as net die insettinge en verordeninge. Die Torah bevat ook die verhaal van die goeie en die kwaad vanaf die begin van hierdie wêreld.

Ellen White neem ons egter terug in die geskiedenis na ‘n voor-wêreldse era om ons te laat verstaan wie die oorspronklike skuldige party is wat begin het om die hemelse etiese kode te vertrap. Teen hierdie tyd het jy dit dalk al vir jouself uitgepluis, maar sy laat geen twyfel oor wanneer die probleem ontstaan het en wie dit begin het:

**“Die groot boek van insettinge is waarheid en waarheid alleen, want dit skets met groot akkuraatheid die geskiedenis van Satan se misleiding, asook die ondergang van sy navolgers. Satan het beweer dat hy wette kan voorhou wat beter is as God se insettinge en verordeninge, en hy is geskors uit die hemel.” 2RH 370, 17Jun.1890.**

Vandag, binne die laaste geslag, is daar mans en vroue wat die roeping hoor om diep te studeer omtrent die oorspronklike gebooie, insettinge, en verordeninge. Die hemel se oorspronklike etiese kode word vir hulle ‘n pragtige ding. Hulle is ongewillig om onder druk geplaas te word deur tradisie, groepsdruk, sosiale status, en selfs werksekuriteit. Hulle is gedetermineerd om “elke goddelike instelling te herstel” (PK 678). Hulle is ook gewillig om gereken te word onder die “rein en heilige volk wat die insettinge van God bekend maak” (1T333). Baie onder hierdie laaste geslag glo vas dat “die woorde van Moses aan Israel omtrent die insettinge en verordeninge van die Here ook die woord van God aan ons is.” (ST 21Mar.1895). Praat van opwinding!

## Maleági en die Elía-boodskap

In die konteks van die laaste heiliges wat “gereining word soos goud en silwer” om te kan “standhou as Hy verskyn,” skryf Ellen White:

**“Die slotwoorde van Maleági is ‘n profesie van die werk wat gedoen moet word in voorbereiding vir die eerste en tweede koms van Christus. Hierdie profesie begin met die vermaning, “*Dink aan die wet van Moses,* my kneg, wat Ek hom beveel het op Horeb vir die hele Israel—*insettinge en***

***verordeninge*. Kyk, Ek stuur julle die profeet Elía voordat die groot en vreeslike dag van die HERE aanbreek. (klem ingevoeg) Southern Watchman 21Mar.1905.**

Sekerlik sal dié wat die Elía-boodskap uitdra teenoor die dier en sy beeld, ook die wet van Moses respekteer, met die insettinge en verordeninge. Ons sal verderaan in hierdie boek die wet van Moses en die finale Elía-boodskap verder bestudeer.

Die feesdae [Hebreeus: "Mo'ed" - vasgestelde tye] is gegee as 'n geskenk van God. Omdat slegs sewe daarvan net een keer per jaar gehou word, behoort hulle nie as 'n las gereken te word nie. Inteendeel, hulle is ontwerp as 'n seën, iets wat die las ligter maak en as 'n hulp in ons wandel met God.

In baie van die moderne Bybelvertalings is die woord insettinge ("statutes") bloot nie teenwoordig nie. Kan dit wees dat dieselfde horing-mag wat deur Bybel-profesieë voorspel is om veranderinge aan te bring, ook hierdie woord-weglating te weeg gebring het?

In die volgende gedeelte sal die leser voorgestel word aan die avontuur om sommige van die Nuwe Testamentiese vertellings omtrent die heilige tye na te gaan. Maak dus gereed om ontdekkings te doen omtrent die feesdae, beginnende by die sewendedag sabbat. En hoekom nie? Dit sal eersdaags dien as 'n eer in 'n vervalle beskawing.

# Hoofstuk vier

## Die Grootste van die Feesdae

### <u>Die Sewendedag Sabbat</u>

**“Spreek met die kinders van Israel en sê vir hulle: Die feestye van die HERE wat julle moet uitroep as heilige samekomste dit is My feestye. Ses dae lank kan werk gedoen word, maar op die sewende dag is dit ‘n dag van volkome rus, ‘n heilige vierdag; géén werk mag julle doen nie; dit is ‘n sabbat van die HERE in al julle woonplekke.” Lev 23:2-3 AOV**

Ja, die sewendedag Sabbat was die eerste van verskeie feesdae [vasgestelde tye] van God. Die sabbat se nommer een posisie veronderstel dat dit die feestyd naaste aan God se hart is.

Nieteenstaande die feit dat die aspotels nooit die gebod om die sabbat te onderhou, herhaal het nie, was die onderhouding daarvan baie duidelik. Let op die volgende vyf verwysings uit die boek Handelinge. Vyf gebeurtenisse vertel hoedat die Nuwe Testamentiese apostels gestaan het teenoor die sewendedag Sabbat:

**1. “…en hulle het op die sabbatdag in die sinagoge gegaan en gaan sit.” Hand. 13:14.**

Die Heilige Gees het die sabbat op sy regte naam genoem en kerkbywoning was die regte ding om te doen.

**2. “…het die heidene versoek dat daardie woorde op die volgende sabbat tot hulle gespreek sou word.” Hand. 13:42.**

Prediking op die sabbat was steeds die norm.

**3. “En daarvandaan na Filíppi …En ons het in hierdie stad ‘n paar dae deurgebring. En op die sabbatdag het ons uitgegaan buitekant die stad langs ‘n rivier waar die gebruiklike bidplek was...” Hand. 16:12, 13.**

Daardie tyd was daar geen sinagoge in hierdie heidense stad nie.

In die voorafgaande drie tekse vind ons kerkbywoning, prediking en gebed gedoen op die dag wat die apostels geken het as die sabbatdag.

**4. “En volgens sy gewoonte het Paulus na hulle gegaan en drie sabbatte lank met hulle gespreek uit die Skrifte” Hand. 17:2.**

Nog ‘n apostoliese gewoonte op die sabbat was Bybelstudie.

**5. “En hy het elke sabbat in die sinagoge gespreek en Jode sowel as Grieke oortuig.” Hand. 18:4.**

Dis is evangelisasie. Hand 18:11 dui aan dat hierdie praktyk in hierdie kerk voortgegaan het vir een jaar en 6 maande.

Die sabbat word ‘n paar ander kere ook in die boek van Handelinge genoem, maar hierdie teksverse is voldoende om te wys dat die apostels in die voetstappe van die profete gevolg het, en ook in die voetstappe van Jesus, wat ook hierdie gewoonte gehad het (Luk 4:6) en wie die wet onderhou het. (Joh. 15:10).

Dieselfde boek van Handelinge verwys ook na die ander feesdae, met omtrent dieselfde frekwensie.

## Verwysings na die “ander” Sabbatte (vasgestelde tye) opgeteken in die boek Handelinge

**“Maar ná die dae van die ongesuurde brode het ons van Filíppi uitgeseil en binne vyf dae by hulle in Troas gekom waar ons sewe dae deurgebring het.” Hand. 20:6.**

Let op dat die Heilige Gees hier steeds die Fees van Ongesuurde Brode by die regte naam genoem het. Hierdie fees het begin aan die einde van die Pasga. Die Pasga het begin op die aand van die 14$^{de}$ dag, en die Fees van die Ongesuurde Brode het begin op die aand van die 15$^{de}$ dag en het voortgeduur vir nog sewe dae. Die eerste en laaste dae van hierdie fees was Sabbatdae. Let op hoe Ellen White die twee feeste kombineer met haar opmerking op hierdie tekse:

**"Paulus het in Filippi vertoef om die Pasga te vier. Net Lukas het daar by hom gebly; die ander broeders het na Troas gegaan om daar vir hom te wag. Die Filippense was die liefdevolste en getrouste van al die apostel se bekeerlinge, en gedurende die ag dae van die fees het hy gelukkige en vreedsame gemeenskap met hulle geniet." HA 308, AA 390-391.**

*Het Ellen White dit gesien soos dit werklik was? Ek dink so. Wat van jou?*

Filippi was 'n Griekse stad. Meeste van die bekeerlinge in daardie area moes van heidense afkoms gewees het. Die stad het nie 'n sinagoge gehad nie, inteendeel, dit het nog steeds nie ene nie. Die vraag wat party mense vra, is: Hoekom het Paulus en sy bekeerlinge die Pasga en die Fees van Ongesuurde Brode gehou en geniet?

Dieselfde vraag word gestel en beantwoord in evangeliese lesings omtrent die sewende dag sabbat. Hoekom het die apostles en hulle bekeerlinge bymekaar gekom by 'n rivier op 'n sewende-dag sabbat? Die antwoord wat ons nog altyd verskaf het: **"Want hulle het geweet en geleer dat die sabbat nog van toepassing is."** (Hand 16:12, 13).

Dan, om konsekwent te wees, hoekom het die apostels met hulle bekeerlinge in Filippi ontmoet om die Pasga en die Fees van Ongesuurde Brode te vier? Om konsekwent te wees behoort ons te antwoord: "Want

hulle het geweet en geleer dat die insettinge van die feeste nog van toepassing is.”

‘n Groot vraag omtrent hierdie ander feeste is moontlik afkomstig van twee verwysings van Ellen White omtrent een van hulle.

## Die Vraag omtrent die Pasga

Die pasga, volgends Ellen White, is weggedoen vir ewig! (Sien DA 652, SD 158, EV 273-274). Die vraag is:

Het sy verwys na die Pasga-aand met sy offer of het sy verwys na die slagoffer geoffer op daardie aand? Laat my toe om opmerkings te deel omtrent hierdie vraag:

**“En Hy sê vir hulle: Ek het baie sterk daarna verlang om hierdie pasga met julle te eet voordat Ek ly. Want Ek sê vir julle: Ek sal sekerlik nie meer daarvan eet voordat dit in die koninkryk van God vervul is nie.” Luk.22:15,16.**

In die bogaande verse het Jesus verduidelik dat Hy die Pasga sal hou saam met sy mense in die hemel met druiwesap en ongesuurde brode. Met ander woorde, as beide die vasgestelde tyd en die slagoffer-lam afgeskaf is vir ewig, hoekom sal Jesus dit met ons vier in die hemelse koninkryk? En hoekom het Paulus dit gehou met sy bekeerlinge in Filippi?

**“In die lente van die jaar 31 n.C., is Christus, die ware slagoffer, op Golgota geoffer. Toe is die voorhangsel van die tempel in twee geskeur as bewys dat die heiligheid en betekenis van die offerstelsel geëindig het. Die tyd het gekom vir die aardse slagoffers en spysoffers om ten einde te loop.” KE 228, DA233; PK 699.**

Hierdie aanhalings dui aan dat slegs die wet op slagffers van die Pasga ten einde geloop het.

**“Hierdie daad het aan die hemelse heelal, en aan ‘n sonde-belaaide wêreld, aangedui dat ‘n nuwe en lewende weg geopen is aan die gevalle mensdom, en dat alle slagoffers beëindig is in die groot offer van die Seun van God.” 5 BC 1109; FLB 201.**

Met ander woorde, beide Paulus en Jesus gee te kenne dat die Pasga gevier is aan hierdie kant van die kruis, maar nie een van hulle verwys na ‘n voortsetting van die diere-slagoffers nie. As ek die Ellen White-stellings omtrent die Pasga se afskaffing lees binne hulle konteks, het sy hoofsaaklik verwys na die offer van die Pasga-lam.

## Pasga kan twee verskillende dinge beteken

Die Bybel verwys na die aand van die 14de dag van Nisan (Abib) as die tyd van die Pasga, maar op ander plekke verwys die Bybel slegs na die lam self as die Pasga.

Voorbeelde waar die lam die Pasga genoem word:

**“Gaan haal vir julle kleinvee … en slag die pasga.” Eks. 12:21.**

**“En jy moet vir die HERE jou God as pasga kleinvee en beeste slag” Deut 16:2.**

**“Jy mag die pasga nie slag in een van jou poorte wat die HERE jou God aan jou gee nie. ” Deut. 16:5.**

**“Toe het hulle die pasga geslag op die veertiende van die tweede maand…” 2Kron. 30:15.**

Hulle het nie ‘n dag of aand of vasgestelde tyd geëet nie. Dit was ‘n lam wat gedood en geëet moes word. Slegs die lam is die Pasga in die bostaande skrifte.

Met ander woorde, partymaal verwys die woord “Pasga” na die lam, en in ander skrifte verwys dit na die vasgestelde tyd.

Mev. White doen dieselfde in die volgende aanhaling:

**“Terwyl Hy die Pasga saam met Sy dissipels geëet het, het Hy in die plek daarvan die diens ingestel wat die gedenkteken sou wees van Sy groot offer. Die nasionale fees van die Jode sou vir ewig verbygaan.” KE 670; DA 652.**

Om konsekwent te wees, dit wil voorkom of sy verwys na die eet van die lam as die “nasionale fees van die Jode (wat) vir ewig sou verbygaan.”

Aan die ander kant, as sy verwys het na die tyd of die seisoen, sal sy uit harmonie wees met Jesus en Paulus. Soos ek die hoofstuk omtrent die Pasga in die Koning van die Eeue verstaan, is die verwysing na die dood en die offer die oorheersende tema, binne die konteks.

# Hoofstuk Vyf

## Seremoniële sabbatte?

Ek het al verneem dat die term "seremoniële sabbatte" deur mense van ander kerke gebruik word as 'n afwysing van die sewendedag sabbat.

*Nou wat het seremoniële sabbatte te doen met appels en pere?*

Maar eintlik het ek nog nooit die term gevind in enige geïnspireerde geskrifte nie. Hoekom? Bes moontlik omdat daar nie so 'n uitdrukking bestaan nie. Dit is om appels en pere te vergelyk. Die appels is die "mo'ed" of die vasgestelde tyd van die sewende dag van die skeppingsweek. Aan die ander kant is die pere die seremonie van voorskrifte wat gedoen word op daardie dag. Jy mag wonder watter gebruike en voorskrifte gedoen moes word op die sewendedag sabbat:

**"Maar op die sabbatdag (berei jy) twee jaaroud lammers sonder gebrek en twee-tiendes van 'n efa fynmeel as spysoffer, met olie gemeng, en die drankoffer wat daarby behoort. Dit is die brandoffer van die sabbat op elke sabbat, behalwe die voortdurende brandoffer en die drankoffer wat daarby behoort." Num 28:9, 10.**

Die seremoniële deel, die pere, is afgeskaf. Maar die "mo'ed," die vasgestelde tyd, word behou vir ewig.

**"En elke maand op die nuwemaan en elke week op die sabbat sal alle vlees kom om te aanbid voor my aangesig, sê die HERE." Jes 66:23.**

Die “appels” is blywend, maar die “pere” is weg. Die tyd is steeds heilig, die slagoffers is afgeskaf. Die dag is steeds heilig, maar die seremoniële tipes of beelde is afgeskaf.

## ‘n Ideale tyd vir herlewing

Tydens een van die Nuwe Testamentiese gebeurtenisse was Paulus uiters ontsteld omdat hoerery, bloedskande en ander sondes toegelaat is binne die kerk. Hy het die tyd van die Pasga aan die nuwe testamentiese kerk voorgestel as ‘n tyd van herlewing en herstel.

**“Suiwer dan die ou suurdeeg uit, sodat julle ‘n nuwe deeg kan wees—soos julle inderdaad ongesuurd is—want ook ons paaslam is vir ons geslag, naamlik Christus. Laat ons dan feesvier, nie met die ou suurdeeg of met die suurdeeg van ondeug en boosheid nie, maar met die ongesuurde brode van reinheid en waarheid.” 1 Kor.5:7,8.**

Een manier om hierdie teks te verstaan, is dat Christus, ons Pasga, geoffer is, eens en vir altyd, maar die fees self is behou – dit is, dit word behou in ‘n kerk vry van boosheid en kwaadwilligheid, waar reinheid en waarheid heers.

Met ander woord: word rein en heilig soos Christus; Hy is die doel van jou dienste.

Wat het Paulus bedoel met “soos julle inderdaad ongesuur is”? As hy hulle geleer het omtrent die fees, moes hulle alle suurdeeg uit hulle huise verwyder het. Dan sou hulle “ongesuur” wees. Die probleem was dat hulle nog nie die geestelike suurdeeg van boosheid en kwaadwilligheid uit hulle harte verwyder het nie. Met ander woorde, hulle het die voorskrifte en gebruike waargeneem maar het nie verstaan wat dit beteken nie. Die voorskrifte is ‘n herinnering en aanmoediging om die geestelike te doen.

Hoewel Jesus ons sonde aan die kruis gedra het, is sy dood nie ‘n verskoning om aan te hou sondig nie. Die Fees van Ongesuurde Brode illustreer die beëindiging van sonde, maar dit kan nie kers vashou met die werk wat vir ons gedoen is aan die kruis nie. Almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God.

Lees asseblief die volgende aanhaling met omsigtigheid:

**“Aangesien die hele rituele ekonomie simbolies was van Christus, het dit geen waarde sonder Hom gehad nie. Toe die Jode hulle verwerping van Christus verseël het deur Hom in die dood oor te lewer, het hulle alles verwerp wat betekenis gegee het aan die tempel en sy dienste. Die heiligheid daarvan het gewyk. … Van daardie dag af was die slagoffers en die dienste in verband daarmee, (die insettinge van die altaar) betekenloos.” Hakies ingevoeg, KE 162, DA 165.**

Die slagoffers wat huidiglik betekenisloos is, is te veel om hier te verduidelik. Sommige van die priesterlike dienste en voorskrifte kan bestudeer word in Eseg. 43:18-27. Dit is voldoende om te sê:

**“Die offerdienste en offerandes was onnodig sedert sinnebeelde (tipes) en toonbeelde (anti-tipes) ontmoet het in die dood van Christus.” FLB 106.**

Daniël het geprofeteer dat slagoffers en spysoffers sou ophou in die middel van die 70$^{ste}$ week. Dan. 9:27.

# Verskillende plekke

Met die tempel wat vernietig is (Matt. 23:38), en die evangelie wat in die hele wêreld verkondig word, kan mens verstaan hoekom Paulus vry gevoel het om die feeste op verskillende plekke te hou. Sien AA 390, 391 of HA 308; Hand.20:6.

Die woorde van Christus het nuwe betekenis begin gekry. Eenmaal is Hy gevra of ons by die tempel in Jerusalem behoort te aanbid en of ons iewers anders moet aanbid. Sy antwoord: “**aanbid in gees en in waarheid.” Joh.4:19-24**.

Die meeste mense wat vandag die feeste hou, erken openlik dat die jaarlikse Pasga-voorskrifte, met die offerlam, weggeval het by die kruis. Hulle glo hierdie slagoffer-gebruike is “die nasionale fees van die Jode, (wat) vir ewig (sou) verbygaan” en dat ‘n ewe-belangrike gebruik nog in plek is. Hulle glo ook dat die fees met ongesuurde brode en ongegiste wyn gehou moet word.

Hulle glo dat die vorige fees, met sy offers in Jerusalem, vervang is met ‘n internasionale fees van alle mense in alle lande.

Die gebreekte brood en die druiwesap stel dieselfde voor as die slagoffers en hul bloed wat gestort word, naamlik die gebreekte liggaam en gestorte bloed van Christus, ons Redder. Let asseblief op die volgende aanhaling:

**“Christus het gestaan by die oorgangspunt van twee bedelings en hulle twee groot feesdae. Hy, die vlekkelose Lam van God, sou Homself oorgee as die sondoffer, en so sou Hy die stelsel van tipes en seremonies wat vir vierduisend jaar vooruitgewys het na Sy dood, tot ’n einde bring. Terwyl Hy die Pasga saam met Sy dissipels geëet het, het Hy in die plek daarvan die diens ingestel wat die gedenkteken sou wees van Sy groot offer. Die nasionale fees van die Jode sou vir ewig verbygaan. Die diens wat Christus ingestel het, moes deur Sy navolgers gehou word in alle lande en in alle eeue.” KE670; DA 652.**

*Is jy ook bly jy hoef nie meer elke jaar Jerusalem toe te gaan om met God te ontmoet nie?*

Waar die fees gehou word, is nie meer van belang nie, maar die tye is vasgestel gedurende die skeppingsweek (sien Hoofstuk 3). Jesus het ook gesê dat die Pasga, met die embleme van ongesuurde brode en druiwesap, in alle tye gehou sal word, ook in die tye wat kom op die Nuwe Aarde. Sien Luk.22:15-18.

Met ander woorde, die "pere" (seremoniële wette) is weggedoen vir ewig, maar die "appels" (die vasgestelde tye) is geheilig om altyd met ons te wees. Gepraat van "vir ewig," sal dit nie heerlik wees om die wonderlike feeste van ons Verlosser van aangesig tot aangesit met Hom te geniet?

Verskeie dinge word opgelet van die bogaande aanhaling uit Koning van die Eeue. Ons fees, die slagoffer, word vervang met die gebreekte brood en die wyn. Hier word "twee groot feesdae" genoem. Daarom het ons 'n fees om te onderhou en ons kan dit onderhou in enige land.

Die vorige fees het soos 'n skadu vorentoe gewys op die kruis. Die huidige wys soos 'n skadu terug op die kruis. Die een fees het die slagoffer gehad, en die ander het die sakrament van die Heilige Nagmaal. Aangesien hulle dieselfde gedagtenis dra van God se groot geskenk, is ek nie verbaas dat Jesus na beide verwys het as die "Pasga" nie.

Vraag: Toe Ellen White gepraat het van die tipes en seremonies wat vir 4000 jaar gewys het op Christus se dood, het sy gepraat van seremoniële slagoffers wat gewys het op die anti-tipe wat vervul is by die kruis, of het sy ook van die feesdae gepraat? As sy ook verwys het na die feesdae en hulle geskeduleerde kalenderdae, dan sal ons wat glo in die feesdag datum van 22 Oktober 1844 'n werklike probleem hê. Dan sal 22 Oktober 1844 geheel en al sy waarde verloor. As dit werklik as 'n dooie idee aan die kruis genael is, watter reg het ons gehad om dit in 1844 op te wek uit die dood?

Ons sal ook 'n probleem hê met Pinkster wat deur die apostels gehou is en deur die Gees van God in die derde maand hierdie kant van die kruis

geëer is. As beide genael was aan die kruis, hoekom het beide God en die apostels dit geëer 52 dae na die Pasga?

Aan die ander kant, as Ellen White geglo het dat die voorskriftelike slafoffers weggeneem is by die kruis, dan is alle skrywers in harmonie. Ellen White het baiemaal aangedui dat die slagofferstelsel weggeneem is by die kruis.

**"In die laaste Pasga wat ons Here met die dissipels gehou het, het Hy die nagmaal ingestel in die plek van die Pasga, om te onderhou ter nagedagtenis van sy dood. Hulle het nie meer die Pasga benodig nie, want Hy, die groot anti-tipiese Lam, was gereed om geoffer te word vir die sonde van die wêreld. Tipe het anti-tipe ontmoet in die dood van Christus." Lift Him Up P.31.**

Hier sien ons duidelik dat sy geskryf het oor die lam as slagoffer, beide as tipe en anti-tipe.

# Die volgehoue Pasga

## Voor, gedurende en na die lewe van Christus op aarde

1. Genadetyd is tydens Pasga vir die Egiptenare afgesluit eeue voor Jesus se kruisdood. (Eks 12).

2. Die Joodse tempel is gereinig deur Jesus tydens Pasga (Joh.2:13-16)

3. Die verwoesting van Jerusalem het in 70n.C. tydens Pasga begin, omtrent 40 jaar na Golgota. Sien GC p.31.

In die bogaande drie verwysings sien ons belangrike gebeurtenisse tydens Pasga *voor* die dag van Jesus, *tydens* die dag van Jesus en volgens Ellen White *na* die dag van Jesus.

Miskien moet nog twee baie belangrike Pasgas genoem word. Ons Here is gedood op die heel belangrikste Pasga, en die ander is die mees opwindende Pasga van die toekoms, beloof deur ons Here in Lukas 22:15, 16.

Let op: Die fees van Pasga en Ongesuurde Brode is ineengevleg. Pasga begin op die aand van die 14de en Ongesuurde Brode begin op die aand van die 15de dag van die eerte maand en duur vir 7 dae – dus 8 aaneenlopende dae. Ellen White vleg hierdie feeste ook ineen:

**"Paulus het in Filippi vertoef om die Pasga te hou. Net Lukas het by hom gebly… en hy het 'n vredevolle en gelukkige besoek geniet saam met hulle gedurende die ag dae van die fees."**

**Vry vertaal uit: Life Sketches from the Life of Paul, P.196.**

# Hoofstuk 6

## Nuwe Testamentiese Verwysings

Laat ons ‘n paar ander aanhalings omtrent die feesdae se insettinge, wat geassosieer word met die apostels in die Nuwe Testament, ondersoek.

**“En omtrent daardie tyd het koning Herodes sy hande geslaan aan sommige uit die gemeente om hulle kwaad aan te doen. En hy het Jakobus, die broer van Johannes, met die swaard omgebring. En toe hy sien dat dit die Jode welgevallig was, het hy verder ook Petrus in hegtenis geneem. En dit was die dae van ongesuurde brode.” Hand 12:1-2.**

Let wel: As Sewendedag Adventiste die waarheid omtrent die sabbat leer, kwoteer hulle al vir baie jare Handelinge 13:14, wat aandui dat die Heilige Gees die sewendedag sabbat steeds by sy regte naam noem. Hier, in Handelinge 12, noem die Heilige Gees ook steeds die Fees van Ongesuurde Brood op sy regte naam. Miskien behoort ons meer konsekwent te wees.

**“En toe die dag van die pinksterfees aangebreek het, was hulle almal eendragtig bymekaar.” Hand. 2:1.**

Klaarblyklik het Jesus hulle nie geleer om die vier van die feesdae te staak nie. (Pinksterfees is ook die Fees van die Weke genoem.)

Die Pinksterfees was een van die drie geleenthede waartydens die mans in Israel hulself in God se teenwoordigheid moes bring. Die apostels het voortgegaan met hierdie praktyk. Let op die volgende drie addisionele teksverse:

**“…maar van hulle afskeid geneem en gesê: Ek moet sekerlik die komende fees in Jerusalem vier, maar ek sal weer na julle terugkom as God wil. En hy het van Éfese afgevaar.” Hand. 18:21.**

**“Want Paulus het besluit om by Éfese verby te vaar, sodat hy nie in Asië tyd sou verloor nie; want hy het hom gehaas om, as dit vir hom moontlik was, op die pinksterdag in Jerusalem te wees.” Hand 20:16.**

**“Maar ek sal in Éfese bly tot pinkster toe.” 1Kor. 16:8**

Dit is wel waar:

**“Paulus het nie homself of his bekeerlinge gebind met die seremonies en gewoontes van die Jode, met die verskillende formaliteite, tipes, en offerandes nie: Hy het erken dat die volmaakte en finale offer gemaak is in die dood van die Seun van God… Die offers van God is ‘n gebroke gees.” Sketches from the Life of Paul p.105; 3 SP 411.**

Paulus het homself nie gebind aan die seremonies (die pere) nie, en ons behoort ook nie. Maar dit is ook duidelik dat die mo’eds, sy vasgestelde tye, (die appels) wel nog heersend was in Paulus se tyd.

## Yom Kippur: Versoendag

**“En omdat ‘n geruime tyd verloop en die skeepvaart al gevaarlik geword het en die vastyd ook al verby was, het Paulus hulle gewaarsku.” Hand 27:9.**

Let op dat die “vastyd (wat) ook al verby was” verwys na Versoendag volgens die SDA Bible Commentary, Vol 6 p.445, en ook volgens die skrif in Lev.16:29-34; 23:26-32. Hulle moes hulle verootmoedig op daardie dag. Hierdie vernedering (of verootmoediging) was verwant aan onthouding van voedsel. Sien Ps. 35:13.

Duidelik het die apostels nie net verwys na die jaarlikse sabbatte nie, maar het dit ook gevier. In Hand.15:19-21 word die Nuwe Testamentiese kerkvaders herinner om die heidene te onderrig omtrent daardie insettinge wat noodwendig ‘n kultuurskok sou wees aan nuwe heidense bekeerlinge,

naamlik die insettinge met betrekking tot die afgodery, hoerery, wat verwurg is (as die bloed in die vleis gelaat word ter wille van geur), en die blatante eet van bloed. Dan word die apostels aan die heidene herinner dat die heidense bekeerlinge die res van die wet sou aanleer soos wat die wet van Moses elke sabbat in die kerk voorgelees word. Sien Hand 15:21.

Die jaarlikse sabbatte is van toe af verkondig, of ten minste tot en met die Raad van Nicea in 325 n.C. Nie net het die sewendedag Sabbat 'n finale doodskoot gekry by hierdie Raad nie, maar, volgens die welbekende kerkhistorikus Eusebius, was die die jaarlikse sabbatte ook deel van hierdie stryd en het dieselfde hou gekry.

Nadat hy verskeie apostels, insluitend Johannes die Openbaarder, aangehaal het, na wie hy verwys as "ligpunte," asook ander eerste-eeuse martelare wie die wet onderhou het, haal Eusebius Polekrates aan wie opgestaan het ter verdediging van die feeste:

**"Al hierdie mense het die veertiende van die maand gehou as die begin van die Pasga-feestelikhede, in ooreenstemming met die Evangelie, om nie in die minste af te wyk, maar navolgers te wees van die reël van die geloof. En laaste van almal, sal ek, Polekrates, die minste van almal, optree volgens die tradisie van my familie, sommiges van wie ek wel volg; want sewe van hulle was biskoppe en ek is die agste, en my mense het nog altyd die dag onderhou waarin ons die suurdeeg wegbêre. Dus is ek, liewe vriende, nadat ek 65 jaar gedien het in die diens van die Here en met baie christene van verskillende wêrelddele gesprekke gevoer het, en nadat ek die Heilige Skrifte noukeurig ondersoek het, is ek nie bevrees vir bedreigings nie. Beter mense as ekself het gesê: "Ons moet aan God meer gehoorsaam wees as aan die mense." Vry vertaal uit: The History of the Church, Eusebius, p.231.**

*Het die eerste christene in die voetspore van Jesus en die apostels gewandel? Ja, hulle het!*

In die boek van Merwin H.Abbott getiteld “Paul the Sabbath Keeper?” word die volgende waarnemings omtrent die bogenoemde aanhaling gemaak:

**“Volgens die historiese rekord deur Eusebius, het Polekrates aangedui dat groot “ligpunte” die 14de van Nisan onderhou het “in ooreenstemming met die Evangelie” sodat, nadat hy die Heilige Skrifte versigtig deursoek het, hy God meer gehoorsaam moet wees as aan die mense.” Vry vertaal uit “Paul the Sabbath Keeper,” p.24-39.**

Duidelik het die eerste-eeuse gelowiges dieselfde dae as Jesus en sy apostels onderhou.

## Huttefees

Op hierdie stadium het ek nog nie ‘n verwysing na die Huttefees gevind by die apostels nie. So hoekom word dit hier ingesluit? Vir twee redes:

Eerstens, die evangelies verwys daarna dat Jesus die Huttefees gevier het in sy tyd. Hy is altyd ons beste voorbeeld. In die oordeelsdag word sy mense as wys beskou as hulle sy voorbeeld nagevolg het. Hy het niks vekeerds gedoen nie. Hy het geen foute gemaak nie.

*Christus is ons beste voorbeeld in alles.*

**“Want hiertoe is julle geroep, omdat Christus ook vir julle gely het en julle ‘n voorbeeld nagelaat het, sodat julle sy voetstappe kan navolg; Hy wat geen sonde gedoen het nie…” 1Pet 2:21-22.**

Om in die voetspore van Jesus te volg, is ons grootste eer. Hy het die fees bygewoon. Joh 7:2, 14.

Tweedens, Sagaria het geprofeteer dat die Huttefees gevier sal word in ‘n tyd wanneer **“die Here Koning (sal) wees oor die hele aarde.” Sag 14:9.**

Dan, in dieselfde konteks, verklaar Sagaria dat die Huttefees gevier sal word ná die noemenswaardige tyd wanneer Jesus se **"…voete (sal) staan op die Olyfberg wat voor Jerusalem lê, aan die oostekant; en die Olyfberg sal middeldeur gesplyt word van oos na wes tot 'n baie groot dal… En almal wat oorbly uit al die nasies wat teen Jerusalem aangekom het, sal jaar na jaar optrek om te aanbid voor die Koning, die HERE van die leërskare, en om die huttefees te vier." Sag 14:4, 16.**

Adventiste het altyd hierdie kontekstuele gebeure geplaas ná die Millenium.

'n Ander groep geleerdes verklaar dat Sagaria 14 net na die sluit van die genadedeur en voor die wederkoms van Jesus val. Al glo die skrywer dat hulle verkeerd is, plaas hulle ten minste die gebeurtenis in die toekoms. Andere verklaar dat Sagaria, ten spyte van die konteks, geen toekomstige toepassing het nie. My voorstel is dat die leser Sagaria 14 biddend deurlees.

<u>Spesiale nota</u>: Die grootste beswaar teen die toepassing van Sagaria tussen die wederopstanding van die verlorenes en hul finale vuur-beloning, is die tyd wat benodig word vir die gebeure beskryf in Sag.14 om plaas te vind.

Die Woord van God en die Gees van Profesie wys beide op genoegsaam tyd. Ellen White vertel ons dat die vaardige vakmanne onder die bose mense tyd sal hê om oorlogsintrumente te vervaardig. Sy skryf:

**"Hulle beraam planne om die rykdom en heerlikheid van die Nuwe Jerusalem in besit te neem. Dadelik maak almal gereed vir die slag. Geskoolde arbeiders maak oorlogstuig." GS 747; GC 664; Maranatha 338.**

Militêre leiers, beroemd vir hulle suksesse, moet die manne oorlogskuns leer sodat hulle **"die menigtes in afdelings en leërs organiseer. Eindelik word die bevel gegee om op te ruk…" GS 747, GC 664**.

Die laaste geslag van die bose mense het die kuns van kernwapens verstaan voor hulle dood. Opgewek in die tweede opstanding, moet hulle beter wapens as voorheen hê, en daar moet fabrieke gebou word om dit te vervaardig. Op hierdie verwoeste planeet moet hulle van voor af begin.

Jare gelede, toe hierdie skrywer die leerstellings van die Adventiste bestudeer het, in voorbereiding op sy doop, het hy sy mentor, ouderling Milton H. St. John ‘n direkte vraag gevraag: "Hoeveel tyd het Satan en sy bose mense op aarde oor vanaf die tyd wat hulle opgewek is tot wanneer hulle gedood word deur vuur?" Met ander woorde, het hulle tyd om wapens te vervaardig, huise te bou, of om ‘n verlore jeug enige tyd tot lewe te gun?

Die antwoord wat ouderling St.John gegee het kom uit Jes 65. In hierdie hoofstuk vind ons die heiliges binne die mure van die nuwe Jerusalem. Daarna vind ons die vervloektes, wat die vervloekte jeugdiges insluit, ewe skielik dood op die ouderdom van 100 jaar. Na hierdie tragiese lewensverlies, vind ons die verlostes wat hul wonings binne die stad verlaat, en besit neem van ‘n herskepte landskap, wat plaashuise bou en gewasse verbou op die nuwe aarde. Sien Jes 65:18 – 21. Ja, daar sal genoeg tyd wees vir die gebeure van Sag 14.

# Hoofstuk sewe

## Huttefees

**“Dit sou goed wees vir die volk van God om in hierdie dae ook ‘n Huttefees te vier - ‘n vreugdevolle herinnering aan die seëninge wat hulle van God ontvang het. ” Patriarge en Profete P.570; Patriarchs and Prophets P.540-541.**

Sy lys dan die voordele wat ons sal ontvang as ons hierdie fees vier:

A. Ons sal in groter dankbaarheid teenoor God lewe.
B. Ons sal krag en bemoediging ontvang.
C. Ons harte sal verlig word met heiligmakende invloed.

Op ‘n ander plek maak die Gees van Profesie melding van die Huttefees met betrekking tot ‘n kampvergadering (Bible Echo 8 Dec 1893). Hier vergelyk sy die Huttefees met ‘n kampvergadering, en noem die kampvergadering nie ‘n Huttefees nie. In die 64 verwysings in Ellen White se geskrifte na hierdie fees, het 62 verwysings geen betrekking op kampvergaderings nie. Inteendeel, meeste daarvan verwys direk na die Huttefees soos gevier binne die Joodse ekonomie. Met ander woorde, toe Ellen White verwys het na die Huttefees met betrekking tot die Desember kampvergadering in Australië, het sy ook nie verwys na die Desember kampvergadering in die bogenoemde aanhaling in Patriarchs and Prophets nie. Inteendeel, die Patriarchs and Prophets aanhaling hierbo verwys slegs na die fees binne die Joodse ekonomie.

‘n Vraag wat opkom: Hoekom het God haar ingegee om te skryf omtrent die “Huttefees”? Onthou dat baie dinge wat aan profete gegee is, eers openbaar gemaak word op ‘n latere tydperk. Die herhaalde verwysings na hierdie fees deur Ellen White mag dalk in die huidige tydperk vervul word.

Was die Huttefees slegs beelde van dinge in die verlede en daarom genael teen die kruis? O nee. Die skadu van die Huttefees dui op die toekoms. Om steeds die skadu te kan gooi, is die fees nog geldig. Ons sal spoedig sien dat die toekomstige toepassing van die fees selfs meer inhou as die toepassing in die verlede.

**"Die Huttefees was nie net ter gedagtenis nie, dit was ook sinnebeeldig. Dit het nie net na die verblyf in die woestyn terruggewys nie, maar as oesfees het dit ook die insameling van die vrugte van die aarde gevier en vooruit gewys na die dag van uiteindelike insameling wanneer die Here van die oes sy maaiers sal uitstuur om die onkruid in bondels te bind in die vuur en om die koring in sy skuur in te samel. Dan sal die goddelose vernietig word. Hulle sal word 'asof hulle nooit bestaan het nie.' (Obadja 16)" Afrikaans-PP 571; Engels-PP 541.**

*Wanneer sal die goddeloses vernietig word? Na die Millennium! Maar wanneer na die Millennium?*

Wanneer? Op die vasgestelde tyd soos aangedui deur die Huttefees, volgens Patriarge en Profete, p.571. Wanneer, volgens Ellen White, sal die finale vernietiging van die goddelose plaasvind? *Gedurende die Huttefees!*

Moenie dat enigeen jou wys maak dat die Huttefees vervul is nie. Dit is sekerlik nie. Sy skadu wys vorentoe net so seker as wat dit terugwys na die verlede. Wetend dat sy skadu nog met ons is, is dit net goeie raad om in die voetstappe van Jesus te volg.

**Christus het die Huttefees bygewoon, soos opgeteken in die volgende aanhalings: DA 447 – 475; 485; MH 86-89; PP 412 en Joh 7:1-53.**

Elke sewende jaar: Volgens Ellen White, moes die boek van Moses voorgelees word een keer elke sewende jaar, gedurende die Huttefees:

**"Al die Israeliete is deur Joshua onderrig omtrent die geskrifte van Moses… Dit was in ooreenstemming met die uitdruklike opdrag van Jehovah wat voorsiening gemaak het vir die publieke voordrag van die woorde van die wetboek elke sewende jaar, gedurende die Huttefees… As hierdie raag nagevolg was in die eeue wat gevolg het, sou die geskiedenis van Israel soveel anders verloop het." PK 465.**

Miskien het die Heilige Gees sommige van hierdie waarhede in gedagte gehad toe Ellen White beïnvloed is om te skrywe:

**"Daar is heerlike waarhede wat aan die mense van God voorgehou moet word. <u>Voorregte en dienste</u>, wat hulle nie eens vermoed het is in die Bybel nie, sal blootgelê word voor die navolgers van Christus. Soos hulle die pad van nederige <u>gehoorsaamheid</u> bewandel, om God se wil te doen, sal hulle meer en meer weet omtrent die Godspraak, en sal hulle in regte leerstellings gevestig word." (beklemtoning bygevoeg) That I May Know Him 114, 1888 Materials 333, HP 136, 8 Tes 322.**

## Drie onbeantwoorde vrae

1. Wat is die Bybelwaarhede wat die mense van haar dag nie vermoed het nie?
2. Waar is die adisionele informasie omtrent die Godsprake?
3. Watter nuwe waarhede behoort ons te hê omtrent
    a) voorreg
    b) dienste, en
    c) gehoorsaamheid?

Hierdie drie items word in baie ernstige lig beskou deur die kind van God wat toewyding hoog ag. Watter nuwe lig sal ons die voorreg hê om te ontvang? Wat is dit wat Ellen White belowe om ons in beter leerstellings te vestig? Is dit nie wat ons graag wil hê nie?

Wat dit ookal is, Ellen White belowe ons dit sal by die kennis van die volk van God gevoeg word. Sy is baie duidelik daaroor dat dit niks te doen het met die slagofferstelsel nie.

**“Die seremoniële wet bestaan uit simbole wat na Christus, Sy soenoffer, Sy priesterskap vooruit gewys het. Die Hebreërs moes die rituele wet met sy offers en instellinge verrig totdat die beeld sy teenbeeld ontmoet in die dood van Christus, die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem. Daarna is al die offers beëindig. Dit is die wet wat Christus ‘…weggeruim het deur dit aan die kruis vas te nael.’ (Kol 2:14)” Engels PP 365; Afrikaans PP 375.**

In konteks gesien, dit was die verondeninge van die priesters omtrent hoe, wanneer, en wat om te offer, sowel as die offerstelsel self, wat beëindig is. Dit is die dinge waarna die “seremoniële wet” volgens die aanhaling verwys.

# Hoofstuk agt

## Sabbatte en hul skadu's

Let op: Dit wil voorkom of die Levitiese priesterskap en die slagofferstesel aan die kruis vasgenael is. Maar wat van die jaarlikse Sabbatte?

Hulle is sekerlik nie aan die kruis genael nie, want anders sal die woorde van Jesus, wat beloof het om saam met ons die Pasga in die hemel te vier (Luk 22:15-16), en die aksies van Paulus, wat die Pasga gevier het met sy bekeerlinge (AA 390 – 391), die vasgestelde tyd van die vernietiging van die goddelose gedurende die Huttefees (Sag 14:16) sowel as ons eie beklemtoning van die Versoendag, 22 Okt. 1844, geen betekenis hê nie.

## Die Beste Voorbeeld

"Christus het dwardeur sy kinderjare, sy jeug en die volwassenheid nooit aan die seremoniële tempel-aanbidding deelgeneem nie." BE, 31Oct1898. Hierdie aanhaling dui aan dat Jesus nooit die seremoniële wette nagekom het nie.

Maar Jesus het wel die feeste bygewoon soos aangedui in die volgende aanhalings: **"Onder die Jode is die twaalfde jaar beskou as die skeidingsjaar tussen die kinder- en jongelingsjare. As hy twaalf jaar oud is, is die Joodse seun 'n seun van die wet genoem, en ook 'n seun van God. Dan is aan hom spesiale geleentheid gegee vir godsdiensonderrig, en daar is verwag dat hy moet deelneem aan die heilige feeste en gebruike. Dit was ooreenkomstig hierdie gebruik dat Jesus as jongeling die pasgabesoek na Jerusalem afgelê het."** KE 68; DA 75. Later in sy lewe: **"Jesus het op en af deur die land gereis, en sy uitnodiging na die fees gerig. Toe die son die landskap verlig het, het Hy gesê: "Ek is die Lig van die wêreld. Wie My volg**

**sal sekerlik nie in die duisternis wandel nie, maar sal die lig van die lewe hê." Hy het van die geleentheid gebruik gemaak om Homself gedurende die feesdae, toe hulle in Jerusalem bymekaar gekom het, aan die mense voor te hou." Advent Review and Sabbath Herald, 7 Julie 1896.** Sien Johannes 7 vir die Bybel se uitleg van Jesus se viering van die Huttefees. Omdat Jesus nooit die seremoniële wet onderhou het nie, maar wel die feesdae gehou het, beteken dit dat Hy nie die feesdae as deel van die seremoniële wet beskou het nie. Omdat daar net twee wette is, moreel en seremonieël, beteken dit dat Jesus die feesdae deel van die morele wet beskou het.

Die volgende aanhaling dui aan dat daar slegs twee wette is**. "Daar is twee verskillende wette. Een is die wet van beelde en skadu's, wat onderhou is tot en met Christus, en wat beëindig is toe die tipe en anti-tipe ontmoet het in Sy dood. Die ander is die wet van Jehova, en is so blywend en onveranderlik soos Sy ewige troon. Na Christus se kruisiging, was dit 'n ontkenning van Christus om steeds voort te gaan met die slagofferstelsel wat vooruitgewys het na Sy dood. Dit was 'n getuienis aan die wêreld dat hulle steeds vooruit sien na 'n Verlosser wat sou kom, en nie geglo het in die Een wat Sy lewe opgeoffer het vir die sondes van die wêreld nie. Dus is die seremoniële wet nie meer van krag by die dood van Christus nie." Signs of the Times, 29 Julie 1886.**

1 Pet 2:21 dui aan dat Jesus ons voorbeeld is in alle dinge. Is dit nie steeds waar dat niemand 'n probleem sal hê wat in die oordeelsdag sê: "Ek het gedoen soos Jesus gedoen het"? Behoort ons nie ook die voorbeeld van die apostels te volg nie? Wie kan aanspraak maak daarop dat die Pinksterfees aan die kruis genael is? Die Pinksterfees het wel tot 'n vervulling gekom drie maande na die dood van Christus, toe die vroeë reën geval het. Dit mag dalk wees dat die laatreën ook weer mag val op die vasgestelde tyd van die Pinksterfees, en sal dalk val op dié wat bymekaar gekom het om te aanbid, soos in die dae van die apostels 2000 jaar gelede.

Die apostel Paulus het erken dat die seremoniële slagofferwet geplaas is bo-oor die feesdae van Israel, en daarom erken hy dat die beëindiging van die seremoniële wet nie die feesdae elimineer waaroor dit geplaas het nie. Daar is 'n voorbeeld in "Acts of the Apostels" p. 390-391, waar Ellen White vertel hoe kwaad sekere individue geword het omdat Paulus die lering gegee het dat die Jode onthef was van die onderhouding van die seremoniële wette, en in die opvolgende paragraaf verduidelik sy hoe hy steeds die feesdae met sy bekeerlinge onderhou het.

## 'n Interessante stelling:

**"Groot waarhede wat steeds veronagsaam en ongesiens lê sedert Pinksterdag, moet nog uit Gods Woord in hul reinheid te voorskyn kom." RH 17 Augustus 1897, FE 473, 1888 Materials 1651.**

Ons is nader aan die groot voltrekking. Sekerlik behoort ons van die "groot waarhede" te sien wat veronagsaam en ongesiens lê sedert Pinksterdag.

As hierdie waarhede veronagsaam was sedert Pinksterdag, dan was hierdie waarhede wel geag op Pinksterdag. So wat het die dissipels geag op Pinksterdag wat ons vandag veronagsaam? Sekerlik is die "mo'ed" van Pinkter een van hulle.

Dit sal so opwindend wees as die Gees van ons Elohim sal val op die 144 000 op dieselfde dag wat dit geval het 2000 jaar gelede.

Sal God Pinkster weer op Pinksterdag begin?

## Sewe skadu's van dinge wat nog kom

Voordat ons na Kolossense twee kyk, sal dit goed wees om eers sewe skadus van wat "is" en wat dinge verteenwoordig "wat kom," te ondersoek.

1. DIE SEWENDEDAG SABBAT WYS VOORUIT NA DIE SEWENDE MILLENIUM SABBAT:

**“Want ons wat geglo het, gaan (teenwoordige tyd) die rus in, soos Hy gesê het: Daarom het Ek in my toorn gesweer, hulle sal in my rus nie ingaan nie—alhoewel sy werke van die grondlegging van die wêreld af volbring is. Want Hy het êrens van die sewende dag so gespreek: En God het op die sewende dag van al sy werke gerus; *en nou hier weer*: Hulle sal in my (ewige) rus nie ingaan nie.” (hakies en klem ingevoeg) Hebr 4:3-5.**

**“Want wie in sy rus ingegaan het, rus ook self van sy werke soos God van syne. Laat ons ons dan beywer om in te gaan in dié rus, sodat niemand in dieselfde voorbeeld van ongehoorsaamheid mag val nie.” Hebr 4:10,11.**

**“Maar die teenswoordige hemele en die aarde is deur dieselfde woord as ‘n skat weggelê en word vir die vuur bewaar teen die dag van die oordeel en die verderf van die goddelose mense. Maar laat hierdie een ding julle nie ontgaan nie, geliefdes, dat een dag by die Here soos duisend jaar is en duisend jaar soos een dag.” 2 Pet 3:7, 8.**

**“Dat die groot week van 7000 jaar aangedui is deur die eerste week van tyd, was die oortuiging van baie van die wyses en die grootste onder die mense, vir ‘n tydperk van meer as 2000 jaar.” (Review and Herald, 21 Augustus 1883, soos aangehaal in *Even at the Door*, p. 243, deur G.Edward Reid.).**

2. Die NUWEMANE wys ook na toekomstige vervulling:

**“En elke maand op die nuwemaan en elke week op die sabbat sal alle vlees kom om te aanbid voor my aangesig, sê die HERE.” Jes. 66:23.**

3. DIE HUTTEFEES wys ook na ‘n toekomstige vervulling:

**“En almal wat oorbly uit al die nasies wat teen Jerusalem aangekom het, sal jaar na jaar optrek om te aanbid voor die Koning, die HERE van die leërskare, en om die huttefees te vier.” Sag 14:16.**

4. DIE PASGA wys ook na ‘n toekomstige vervulling:

**“En Hy sê vir hulle: Ek het baie sterk daarna verlang om hierdie pasga met julle te eet voordat Ek ly. Want Ek sê vir julle: Ek sal sekerlik nie meer daarvan eet voordat dit in die koninkryk van God vervul is nie.” Luk.22:15,16.**

5. DIE JUBILEUM wys ook na ‘n toekomstige vervulling:

**“En in dié tyd sal Mígael, die groot vors wat oor die kinders van jou volk staan, optree; .... maar in dié tyd sal jou volk gered word, elkeen wat in die boek opgeskrywe staan... En die verstandiges sal glinster soos die glans van die uitspansel, en die wat baie tot regverdigheid lei, soos die sterre vir ewig en altoos. ” Dan 12:1, 3.**

**“Die Israel van God het gestaan met hulle oë na die hemel gerig, en het geluister na die woorde soos hulle uit die mond van Jehova gekom het … Aan die einde van elke sin het die heiliges uitgeroep: “Heerlikheid! Halleluja!” Hulle aangesigte was verlig met die heerlikheid van God, en hulle gesigte het gestraal van die heerlikheid soos dié van Moses toe hy van Sinai afgekom het… Toe het die jubileum begin, wanneer die land sou rus.” Eerste Geskrifte, P.289, EW 285-286.; LDE 272-273.**

6. PINKSTER wys ook na ‘n toekomstige vervulling:

**“En daarna sal Ek my Gees uitgiet op alle vlees, en julle seuns en julle dogters sal profeteer, julle ou mense drome droom, julle jongelinge gesigte sien.” Joël 2:28.**

7. VERSOENDAG wys ook na ‘n toekomstige vervulling:

Adventiste herken dat hierdie fees vorentoe verwys na 1844n.C. Ons Here sal konsekwent wees as Hy ook die oordeel van die lewendes begin op die vasgestelde tyd, dit is op die Versoendag. Nieteenstaande, dit is duidelilk dat ons nie glo dat die vasgestelde tye aan die kruis genael is nie.

# Wat is dan so opwindend?

**“Op dieselfde wyse moet die tipes (die feeste) wat betrekking het op die tweede koms ook op die tye vervul word soos in die sinnebeeldige diens aangetoon is.” (Hakies ingevoeg) Groot Stryd P. 456, GC 399, 400.**

Die vraag is: Hoe sal die heiliges, wat Sy gebooie gehoorsaam, die tye van sulke gebeurtenisse eien as hulle nie eens die tye (die feeste) ken wat deur die sinnebeeldige dienste aangedui word nie? Nog ‘n vraag: Sal die heiliges wat aanhou om steeds die *mo’ed*s te ignoreer, wel al die gebooie van God gehoorsaam?

Die woord *mo’ed* word vertaal op verskeie wyses. “Vasgestelde tye” of “feestye” word baiemaal gebruik. Ander vertalings van die woord sluit in “samekoms” of “seisoen.” Hierdie definisies is almal verwant. Met ander woorde, dis ‘n <u>samekoms</u> van mense op ‘n <u>vasgestelde tyd</u> vir ‘n geestelike <u>feestyd</u> of <u>seisoen</u>. In Lev.23 word die woord *mo’ed* menigmaal vertaal na “feestye.”

Waar in die Bybel vind ons dat die woord vertaal na “feestye,” vertaal word na iets anders? Daar is twee plekke wat betekenisvol sal wees aan dié wat glo dat die geestelike deel van die Slag van Armageddon ook op die Sabbat betrekking het.

Die eerste word gevind in Open 16:16 waar ons die woord “Armageddon” vind. Die woord “HAR” in Hebreeus vertaal na “BERG” (Sien Strong’s #2022). Volgens die SDA Bible Commentry Vol 7 P.846 stam die woord “MEGEDDON” van die woord “mo’ed.” Kan dit dalk wees dat die geestelike slag in hierdie oorlog wentel om die berg van God se feestye? Is die primêre feestye nie die Sabbat nie? (Lev.23:1-3).

Die ander plek in die Bybel waar die woord “feestye” in ‘n ander woord vertaal word, is in **Jes.14:13-14.** Die Bybel verwys hier na Lucifer as dit aandui, **“En jy het in jou hart gesê: Ek wil opklim in die hemel, my troon**

**verhef bo die sterre van God en sit op die *berg van samekoms* in die uithoeke van die Noorde. Ek wil klim bo die hoogtes van die wolke, my gelykstel met die Allerhoogste!" (klem ingevoeg)**. "Har" beteken "berg" (Strong's #2022); "mo'ed" in hierdie teks is vertaal as "samekoms" (Strong's #4150).

Wat beteken dit vir die Sewendedag Adventis? Dat Satan God se berg van feestye sal vervang met sy eie berg van feestye, waarvan Sondag maar een voorbeeld is.

Vroeër in die boek is 'n outeur se verduideliking aangehaal van EG White se stelling omtrent "die sabbat (wat) met groter krag" ("*Sabbath more fully*") verkondig sal word in die tyd van benoudheid. Deur Ellen White aanhalings dui hy aan dat die "*sabbath more fully*" dalk wel kan verwys na die ander sewe jaarlikse sabbatte. In hierdie geval het ons 'n groter berg. 'n Berg met 'n sonskynkant en 'n skadukant. Onthou jy Dan.7:25?


**"Hy sal teen die Allerhoogste laster en die Heiliges van die Allerhoogste vervolg. Hy sal probeer om die godsdienstige feeste (meervoud) en wette te verander, en die heiliges van die Allerhoogste sal in sy mag oorgegee word vir die hele vasgestelde tyd." (hakies ingevoeg) Dan.7:25, 1983 Afr Vertaling.**

**"En hy sal woorde spreek teen die Allerhoogste en die heiliges van die Allerhoogste mishandel; en hy sal probeer om tye en wet te verander, en hulle sal in sy hand oorgegee word gedurende 'n tyd en tye en die helfte van 'n tyd." Dan 7:25, 1953 Afr Vertaling.**

Baie van vandag se vakansiedae en feestye vind hul oorsprong in 'n heidense, en somtyds okkultiese, agtergrond. Die feestye soos deur God ingegee, is werklik vervang. Die deel van Elía se boodskap wat aandui "Dink aan die wet van Moses, my kneg, wat Ek hom beveel het op Horeb vir die hele Israel—insettinge en verordeninge" (Mal.4:4) is werklik vergete en nie

oordink nie. Vreemde vakansiedae, wat nou algemeen aanvaar word, het God se insetting-dae vervang in die lewe en aktiwiteite van die onskuldiges.

Met groter kennis kom groter verantwoordelikheid. Hierdie groter kennis kan omskep word in groter uitdrukking van toewyding.




## Addisionele notas:

<u>Lent/Vasdag:</u> Die 40 dae viering is waargeneem deur Yezdis (heidense aanbidders van Koordistan (geleë waar antieke Ninevé was) wat hierdie vakansiedag vanuit Babilon oorgeëerf het. (Too Log in die Sun, p.121.)

<u>Paasfees:</u> Die eier het 'n simbool geword van Astarte of Easter. Sien die okkultiese betekenis van hierdie mistieke eier van Astarte in: The Two Babylons, p.109.

Halloween: Keltiese fees, antieke vuurfees. Die beoefening van waarsêery en assosiasie met dooies. Dit was die enigste dag wanneer die hulp van die duiwel ingeroep is. (Ency. Brit. 1970 Uitgawe, p.15).

St.Valentine's Dag: Die herdenking van die Katolieke priester-beskermheer van die sewende eeu. Later verander na beskermheer-heilige van geliefdes. (Ency.Am. p.859)

Kersfees: In Rome 'n heidense fees met die geboorte van "sol invictus," is bekend gestel deur keiser Aurelian op die 25ste Desember. "Die kerk, wat nie die populêre fees kon uitroei nie, het dit vergeestelik." (Vry vertaal na Afr. vanuit Chambers Ency. 1970 uitgawe, p.538)

Sondag: Die dag van die son was waargeneem deur Mithraiste as 'n heilige dag van rus. Sondag waarneming is van heidense oorsprong. (Too Long in the Sun, p.70)

Baie boeke en ensiklopidieë bevat informasie oor hierdie en ander hedendaagse vakansiedae en hul oorspronge. Babilon beteken verwarring. Babilon het baie meer feeste as die gelys in die berg hierbo. God het ook 'n paar spesiale dae. Satan het hulle nie alleen vervang nie, maar het die idee verwar deur meer godsdienstige dae by te voeg uit die heidendom.

Benewens ensiklopieë, is daar twee boeke geredelik beskikbaar: The Two Babylons, deur Alexander Hislop, Loizeaux Brothers, Neptune, New Jersey, VSA; Too Long in the Sun, deur Richard Rives, Partakers Publishing, Charlotte, North Carolina, VSA.

# Hoofstuk nege

## Kolossense hoofstuk 2

Kom ons ondersoek Kolossense twee. Verskillende vertalings vertaal dit verskillend. Integriteit vra dat ons na verskeie vertalings kyk:

Jewish New Testament
Jewish New Testament Publications
78 Manahat
96901 Jerusalem, Israel

**Kol.2:8-17:**

**"Watch out, so that no one will take you captive by means of philosophy and empty deceipt, following human traditions which accords with the elemental spirits of the world, but does not accord with the Messiah. You were dead because of your sins, that is, because of your "foreskin," your old nature. But God made you alive with the Messiah by forgiving you all your sin. He wiped away the bill of charges against us. Because of the regulations, it stood as a testimony against us; but he removed it by nailing it to the execution stake. Stripping the rulers and authorities of their power he made a public spectacle of them triumphing over them by means of the stake. So don't let anyone pass judgement of you in connection with eating and drinking, or in regard to a Jewish festival or Rosh-Codesh or Sabbath. These are a shadow of things that are coming, but the body is of Christ."**

Let op: In die bogaande teks kon die siviele magte oordeel oor moord, steel, ens., maar is gestroop van hul reg om te oordeel oor die feesdae, Rosh-Codesh (nuwemaan) en die sabbat. Laat niemand, maak nie saak wie hy is, of watter posisie hy beklee, jou oordeel i.v.m. hierdie sake nie.

**"Die Here sal sy volk oordeel." Hebr 10:30.**

Let op: Die skadu’s is nie uitgeskakel nie, inteendeel, hierdie vertaling dui aan dat hulle is (teenwoordige tyd – vers 17), en dat al hierdie skadu’s steeds ‘n toekomstige vervulling het.

Holy Bible, from the Ancient Eastern text
From the Aramic of the Peshitta
Harper, San Fransisco, USA.

Geskiedenis: Vanuit die Aramese het die Textus Receptus voortgekom. Van die Textus Receptus het die King James Version gekom.

**Col 2:16, 17:**

**“Let no man therefore create a disturbance among you about eating and drinking, or about the division of the feast days, the beginning of the months or the day of the Sabbath. These are shadows of things to come; but the main objective is Christ.”**

(Moenie die feeste hou net om die feeste te hou nie. Onthou, die hoofdoel is Christus!)

Liewer as om die feesdae, eet en drink, die nuwemane of the 7de-dag sabbat uit te skakel, sê die apostel Paulus eerder dat jy nie moet toelaat dat enigeen ‘n steurnis daaroor inbring nie. Dit lyk of daar ‘n probleem was omtrent ‘n *steurnis* oor die onderhouding van die feesdae, eerder as die vraag of die feesdae gehou moet word of nie.

Weereens, hierdie vertaling dui aan dat die feesdae steeds “is” en dat hulle steeds ‘n toekomstige vervulling bevat, wat aandui dat hulle nie teen die kruis genael is nie. Moderne vertalings vertaal dit dat hierdie dinge skadu’s “was” van dinge wat sou kom. Maar die King James Version (en die Afrikaanse 1953 vertaling) asook die Geneva en die Douay vertalings, dui aan dat hierdie dinge “ ‘n skaduwee van die toekomstige dinge is.”

Onthou dat Ellen White verwys na verskeie dinge as “tipes,” bv. die Ou Testamentiese slagofferstelsel en priesterskap. In die konteks van die volgende paragraaf verwys sy ook na die Pasga, wat plaasvind op die 14de

van die maand Nisan, die beweegoffergerf, op die 16de van Nisan, en die Versoendag, wat plaasvind op die 10de van Tishri, as “tipes.” In haar verwysing na hierdie spesiale dae as tipes, beklemtoon sy dat hulle *vorentoe* wys na dinge wat nog moet kom in die finale gebeure van die aarde se geskiedenis.

*Wil jy ingelig wees omtrent die tye van gebeure in die laaste dae?*

**“Op dieselfde wyse moet die tipes wat betrekking het op die tweede koms ook op die tye vervul word soos in die sinnebeeldige diens aangetoon is.” Groot Stryd 456, GC 399-400.**

Vraag: Kan jy hierdie tipes opnoem?

As hierdie tipes in ons dag vervul moet word, moet ons hulle name en tye ken soos uiteengesit in hulle simboliese dienste? Andersins, hoekom het sy so volledig uiteengesit dat dit so is?

**Kol.2:14-16 - New American Standard**

**“Having canceled out the certificate of debt consisting of decrees against us and which was hostile to us: and He had taken it out of the way, having nailed it to the cross. When He had disarmed the rulers and authorities, He made a public display of them having triumphed over them through Him. Therefore let now-one act as your judge in regard to food or drink or in respect to a festival or a new moon or a Sabbath day.”**

As enige mense, vriende, familie, kerkgangers, priesters, predikers, burgerlike regeerders, of enigiemand anders jou oordeel omdat jy in enige van God se weë wandel, onthou dat, in God se hof het hulle geen reg nie. Laat jou outoriteit rus in die voorbeeld van Christus en laat God alleen jou opperheerser wees.

## Geen slagoffers meer op sabbatte nie

Sommige wonder of God se 144000 dalk die jaarlikse sabbatte, soos genoem in Levitikus, moet onderhou net soos ons die Sewendedag Sabbat

onderhou. Sal die 144000 die dae eer maar die slagoffers ignoreer wat voorgeskryf word vir hierdie dae?

Die oorspronklike viering van die sewendedag sabbat het ook slagoffers as voorskrifte gehad (Sien I Kron.23:31; 2 Kron.2:4; 2 Kron.8:13; 2Kron.31:3; Neh.10:33 ; Eseg.45:17.)

*Slagoffers is gebring op die 7de dag sabbat.*

Byvoorbeeld:

**"en vir al die offerwerk van die brandoffers aan die HERE op die sabbatte, op die nuwemane en op die feestye, in getal volgens die verordeninge daarvoor, gedurigdeur voor die aangesig van die HERE." 1 Kron.23:31.**

Kol.2:14 in die "New American Standard" vertaling praat van 'n "certificate of debt" wat genael is teen die kruis. Die Pinksterfees kon kwalik genoem word 'n "certificate of our debt." Aan die ander kant is die Pinksterfees definitief 'n "skadu van die toekomstige dinge!" Joël 2:28 verwys na die finale vervulling van die Pinksterfees net voor die tweede koms van Christus.

In die bogenoemde tekste, is die feesdae, die nuwemane en die sabbatte nie genael teen die kruis nie. Daar is eerder 'n "skuldbrief teen ons" (Kol 2:14–AOV) teen die kruis genael. Daardie skuldbrief dra die doodsvonnis!

**Vers 17: (New American Standard Version): "Things which are a mere shadow of what is to come: but the substance belongs to Christ."**

Let ook op: Die woord "are" word gebruik om teenwoordige tyd aan te dui, asook die belofte van die toekomstige dinge ("what is to come").

**Kol 2:14 - 16 - New Revised Standard Version:**

**"Erasing the record that stood against us with its legal demands. He set this aside, nailing it to the cross. He disarmed the rulers and authorities and made a public example of them, triumphing over them in it. Therefore, do not let anyone condemn you in matters of food and drink or of observing the festivals, new moons, or Sabbaths. These are only a shadow of what is to come…"**

Sien in jou gedagtes die volgende: die wet van God, en die geskrewe lys van oortredinge wat die dood vereis. Slegs een hiervan kan teen die kruis vasgenael word. Die Engelse woord "it" is enkelvoud. "Nailing IT to the cross."

Dinge wat aandag vereis in hierdie vertaling:

1. 'n rekord van wetlike vereistes (legal demands) is genael teen die kruis.
2. Sake i.v.m. eet end drink, feesdae, nuwemane, sabbatte is steeds van krag, en is 'n skadu van wat kom.
3. Ons behoort nie geoordeel te word oor dinge wat steeds van krag is nie. Weereens, die profeet Daniël, waar hy skryf oor die dinge wat weggedoen sal word by die kruis van Christus, lig ons in dat Hy "slagoffer en spysoffer laat ophou" by die dood van Christus (Dan.9:27). Miskien het Daniël aan ons die hele waarheid gegee. M.a.w., niks anders het by die kruis opgehou as dit wat hy daar noem nie, naamlik slagoffers en spysoffers. Ons verstaan almal wat die slagoffer van Christus was, maar wat van die spysoffers?

SPYSOFFER/"OBLATION": "The act of offering something to a deity." American Heritage College Dictionary, 3$^{de}$ weergawe, 1993.

SPYSOFFER/"OBLATION": graanoffers; offerandes – 8BC 807. Sien Num.28 vir olie en wyn.

Jesus het Homself geoffer as ‘n versoening vir ons sonde, dank die Heer!  Dit is die waarheid wat uitgeloop het op die kruis. Hy het Homself gewillig geoffer, en sy offer was genoeg.

Ons mag dalk wys wees as ons hierdie heilige en ewige waarheid nie verwar deur addisionele items aan die kruis te nael nie. Laat die waarheid wat duidelik daar is, die lig laat deurskyn. Laat Hom en Sy grootmoedige gawe, Sy slagoffer aan ons, die sentral en enigste tema wees.

## Twee teenstrydige vertalings

*Verbaas? Nie alle Bybels lees dieselfde nie!*

Twee vertalings laat dit lyk of alle feeste, ens. aan die kruis genael is, naamlik die NIV and die Paraphrased Living Bible. Let op hoe die Living Bible iets voorstel wat in teenstelling is met die voorafgaande vertalings. Die outeur van die Paraphrased Living Bible nael die 10 gebooie, die sewendedag Sabbat, en die feesdae aan die kruis:

**Kol 2: 14-17, Living Bible, Paraphrased:**

**“And blotted out the charges against you, the list of His commandments which you had not obeyed. He took this list of sin and destroyed it by nailing it to Christ’s cross. In this way God took away Satan’s power to accuse you of sin, and God openly displayed to the whole world Christ’s triumph at the cross where your sins were all taken away. So don’t let anyone critisize you for what you eat or drink or for not celebrating Jewish holidays and feasts or new moon ceremonies or Sabbaths. For these were only temporary rules that ended when Christ came. They were only shadows of the real thing – of Christ Himself.”**

Wat van die NIV (New International Version)? Ons weet dat sonde die oortreding van die wet is (1Joh.3:4). Die NIV neem die lys van gebooie wat die sonde definieer, en nael dit sonder details (cart blanche) teen die kruis

van Christus. Die NIV verduidelik dan dat, indien die lys van gebooie weggedoen is, Satan niks het waarmee hy ons kan aankla nie. Die NIV sluit by die lys waarmee weggedoen is, in: (1) die Joodse feesdae, (2) die nuwemane en (3) die Sabbatte.

Die "Sabbatte" verwys na die sewendedag Sabbat in die NIV, aangesien die Joodse vakansiedae en feeste aangespreek word in hul eie kategorie. Sien (1) hierbo. Die NIV verklaar dat hierdie drie items slegs tydelike reëls is wat beëindig is met die koms van Christus. Ek vermoed dat alle sabbat-onderhouers in hierdie geval 'n probleem met die NIV sal hê.

## Owerhede en Magte

Voordat ons die verse in Kolossense uit die King James Version en die 1953 Afrikaanse Vertaling lees, sal dit voordeling wees om die "owerhede en magte" te definieer wat God se mense probeer oordeel. Die SDA Bible Commentry verklaar:

**"Hierdie terme mag na aardse heersers verwys (Luk 12:11; Titus 3:1) of na bonatuurlike wesens… In werklikheid het Christus wel getriomfeer in 'n spesiale sin oor Satan en sy engele." 7 BC 204.**

In ander literatuur word die "magte" verklaar as valse Joodse leiers, wat geloof in Jesus probeer vernietig, en die "magte" word verklaar as die Romeinse siviele magistrate, bv. heersers, ens. In elke geval, die owerhede en magte is die vyande in die volgende gedeeltes: Laat geen mens, nieteenstaande sy posisie in die owerhede of die magte, jou oordeel met betrekking tot jou godsdienstige geloof.

**Kol.2:8, 13-17, Afrikaanse 1953 vertaling:**

**"Pas op dat niemand julle as 'n buit wegvoer deur die wysbegeerte en nietige misleiding nie, volgens die oorlewering van die mense, volgens die eerste beginsels van die wêreld en nie volgens Christus nie… en die skuldbrief teen ons, wat met sy insettinge ons vyandig was, uitgedelg en**

**weggeruim het deur dit aan die kruis vas te nael, nadat Hy die owerhede en magte uitgeklee en hulle in die openbaar tentoongestel en daardeur oor hulle getriomfeer het. Laat niemand julle dan oordeel in spys of in drank of met betrekking tot 'n fees of nuwemaan of sabbat nie, wat 'n skaduwee is van die toekomstige dinge; maar die liggaam behoort aan Christus."**

**Kol.2:8, 13-17 - King James Version:**

**"Beware lest any man spoil you through philosophy and vain deceit, after the tradition of men, after the rudiments of the world, and not after Christ. For in Him dwelleth all the fullness of the Godhead bodily.**

**"And you, being dead in your sins and the uncircumcision of your flesh, hath he quickened together with Him, having forgiven you all your trespasses; blotting out the handwriting of ordinances that was against us, nailing it to the cross; and having spoiled principalities and power, He made a shew of them openly, triumphing over them in it.**

**"Let therefore no man judge you in meat, or in drink, or in respect of a holy day, or of the new moon, or of the sabbath days: which are a shadow of things to come, but the body is of Christ." Col 2:8, 13-17, KJV.**

Verbeel jou dis oordeelsdag. Sien iemand se neergepende sondes. Sien die persoon self. Kyk nou na die wet. Twee dinge sal behoue bly, die sondaar wat vergewe is en die wet van God. Een ding sal weggeruim word, die neergepende rekord van die sonde, dit is die "skuldbrief teen ons."

> Daar is Nuwe Testamentiese uitbreidings op die besnydenis en die offerstelsel!

## Twee dinge is weggeruim

Saam met die neergepende rekord vir die oordeel, wys die Bybel uit dat die besnydenis en die slagoffers en spysoffers weggeruim is, maar ook hulle het hulle eweknieë na die kruis.

**"…en nie dít is besnydenis wat dit in die openbaar in die vlees is nie; … en besnydenis is dié van die hart, in die gees, nie na die letter nie." Rom.2:28, 29.**

**"en laat julle ook soos lewende stene opbou, tot 'n geestelike huis, 'n heilige priesterdom, om geestelike offers te bring wat aan God welgevallig is deur Jesus Christus." 1Pet.2:5.**

## Voordele

Eintlik het ons al vir baie jare voordeel getrek uit die onderhouding van God se insettinge. Tiendes (Num.18:19-24) is 'n baie lonende insetting vir almal. Om jou te onthou van sterk drank en wyn wat gegis is (Lev 10:9) het baie families al gered van ongekende uitgawes en ellende. Die uitsluiting van onrein vleis vanuit ons dieët (Lev.10:10) het ons van baie siektes gered. Om nie vet en bloed te eet nie (Lev.3:17) het ons ook al baie gesondheids-voordele gegee.

Wat sal dit nie nog vir ons imuunstelsel bring as ons alle gis uit ons dieët neem vir sewe dae elke jaar, en as ons permanent alle bloed en vet van diere uit ons dieët neem, en as ons 59 dae elke jaar rus in plaas van 52 dae?

Baie skadu's bly behoue

So wat van sabbatte en skadu's? Dit is waar dat die Gees van Profesie praat van "skadu's" wat nou weggeruim is, maar bedoel sy alle skadu's? Nee. In Hebr.4 wys die sewendedag Sabbat vooruit na die finale hemelse rus, en natuurlik ook na die sewendedag sabbatte wat ons sal vier op die nuwe aarde. Dan weer is die christenhuis 'n skadu van die hemelse tuiste. Paulus praat van die nuwemane as skadu's van dinge wat nog kom. Daar is baie skadu's wat not behoue is.

# Hoofstuk Tien

## Datering van die feesdae

Baie mense wil weet wanneer die feesdae val op vandag se kalender. Een outeur, wat hierdie dinge al baie langer as die skrywer bestudeer het, skryf dat selfs die Hebreeuse nasie nie weet wanneer hierdie feesdae voorkom nie. Hy skryf:

**"Die Jode is welbekend met hulle fout. Hulle het geweet daarvan voor ons. Inteendeel, hulle wag vir 'n nuwe Sahedrin om hulle kalender te korrigeer; om die Pasga en die Huttefees terug te bring na hul goddelike vasgestelde posisies…" Vry vertaal uit: David Looghran - Stewarton Bible School – 1 Ailsa Road, Irvine, Skotland.**

Adventiste, wat glo in die gawe van profesie wat gegee is aan hierdie kerk, en die datering van 1844 deur William Miller en sy medewerkers, het 'n interessante wyse waarop die datums van God se vasgestelde tye bepaal word:

**"In antieke tye het die jaar nie begin in die middel van die winter/somer, soos nou, nie, maar teen die eerste nuwemaan na die voorjaarsnag-ewening." 4 SOP 497; GC, 1888 uitgawe P.681.**

*Hoe weet ons wat die presiese datums is van die tye soos in die simboliese dienste uiteengesit?*

Om moderne datums vas te stel vir hierdie gebeurtenisse is redelik eenvoudig. Enigiemand ken die datum van die voorjaarsnagewening, nl. 21 Maart, as die dag en nag dieselfde lengte het in die voorjaar. Tel 14 dae vanaf die eerste nuwemaan na die voorjaarsnagewening, om die datum van die Pasga te bepaal. Tel een dag aan om die datum van die Fees van Ongesuurde Brode te verkry, wat

sewe dae lank duur. Ellen White skryf:

**"Op die veertiende van die maand, in die aand, is die Pasga gevier… Na die Paasfees het die sewedaagse fees van ongesuurde brode gevolg. Op die eerste dag en weer op die sewende dag was daar 'n heilige samekoms, en op daardie dae is geen werk verrig nie. Op die tweede dag van die fees (die 16de) is die eerstelinge van die jaar se oeste aan die Here voorgestel… Vyftig dae na die aanbieding van die eerstelinge, het die Pinksterfees … aangebreek."(hakies ingevoeg) Afrikaanse PP 569; Engelse PP 539-540.**

Dit is duidelik dat die beweegoffer (eerste vrugte) gevier is op die tweede dag van die Fees van Ongesuurde Brode. Pinkster kom 50 dae later.

Die Fees van Trompette is op die eerste dag van die sewende maand (sewe nuwemane na die voorjaarsnagewening). Die Versoendag is op die tiende van die sewende maand. Die Huttefees begin op die 15$^{de}$ van die sewende maand en hou vir sewe dae aan. Die agste dag is daarby gevoeg as 'n sabbat op die laaste dag van die fees.

Sewe sabbatte is gevoeg by die weeklikse sabbatte om gevier te word elke jaar: Die eerste en laaste dag van die Ongesuurde Brode, Pinkster, Trompette, Versoendag en die eerste en laaste dag van die Huttefees.

Maak dit enige verskil op watter dag ons die sabbat vier? Ja, dit doen. Maak dit saak op watter dag ons die vasgestelde dae van die Skepper-Heer vier? Natuurlik. Moet ons uitkyk vir finale gebeure? Ja, en gelukkig is ons in kennis gestel dat sommige van die meer belangrike finale gebeure sal val op hierdie vasgestelde tye wat ons bestudeer het.

Baie van ons glo in die belangrikheid van die sabbat vir die oorblyfsel kerk, en ons eerbiedig die gebod wat begin met "Gedenk… die sabbat…" Ons ag ook die Elía-boodskap hoog, as 'n deel van ons geestelike erfenis. Dit begin ook met dieselfde idee:

**“<u>Dink</u> aan die wet van Moses, my kneg, wat Ek hom beveel het op Horeb vir die hele Israel—<u>insettinge en verordeninge</u>. Kyk, Ek stuur julle die profeet Elía voordat die groot en vreeslike dag van die HERE aanbreek. En hy sal die hart van die vaders terugbring tot die kinders, en die hart van die kinders tot hulle vaders, sodat Ek nie hoef te kom en die land met die banvloek tref nie. ” (klem ingevoeg) Mal.4:4-6.**

Die insettinge is gevul met vermanings omtrent goddelik-vasgestelde “wagte” oor veilige, behoorlike, pragtige en standhoudende familie-verhoudinge.

Ellen White en die Heilige Gees verwyder enige vraag of the Elía-boodskap die insettinge bevat of nie, en of dié wat die Elía-boodskap lewer sal opgeneem word hemel toe of nie. Let op haar opmerking:

**“Dat God, wat die harte van elkeen ken, sal die versteekte dinge van die duisternis aan die lig bring waar dit baiemaal die minste verwag word, sodat struikelblokke wat die progressie van waarheid verhinder, uit die weg geruim kan word, and dat <u>God ‘n rein en heilige volk kan hê wat die insettinge en verordeninge van God kan bekend maak.</u>**

*Wil jy rein en heilig wees?*

*Ek ook!*

*So wat sal ons verkondig?*

**Die Kaptein van ons verlossing lei sy mense stap vir stap, <u>Hy maak hulle rein en gereed om ten hemele gevoer te word</u> en laat agter die wat beskik is om van die liggaam af te trek, wat nie gewillig is om gelei te word nie … (klem ingevoeg) 1 T 333.**

Daar is geen vraag dat die 144000 nie ten gronde sal gaan as gevolg van ‘n gebrek aan kennis nie (Hos.4:6). Hulle sal waaksaam wees te alle tye. Die spesifieke tye van die Joodse ekonomie dui spesifieke finale gebeurtenisse aan en dit is bekend (GC 399, 400 en GS 456, 457.) Oor en oor word ons gewaarsku om te “waak” sodat ons nie onverhoeds betrap word nie. Die vraag is, as dit kom by die tye soos aangedui deur die Joodse

ekonomie, wie waak? Wie van ons weet genoeg van die Joodse ekonomie om te weet waarvoor om uit te kyk? Sekerlik sal die 144000 die vasgestelde tye dophou, en ook elke beskikbare gebod ken as beskerming teen sonde.

**"Die Here Jesus het hierdie gebooie gegee vanuit die wolkkolom, en Moses het dit herhaal aan die kinders van Israel, en het dit opgeskryf in 'n boek, sodat hulle nie sal afwyk van die geregtigheid nie. Ons is onder 'n verpligting om hierdie spesifikasies uit te voer, want daardeur vervul ons die spesifikasies van die wet van God." RH 18 Des.1894.**

Paulus gebruik outoriteit op 'n kragtige wyse in sy brief aan die Korinthiërs. As 'n Fariseër het hy die insettinge baie goed geken, en het hulle gebruik om die Korinthiërs onderrig te gee.

*Die 144000 sal dieselfde lering gee as die apostels.*

**" 'n Mens hoor waarlik van hoerery onder julle, en hoerery van so 'n aard as wat selfs onder die heidene nie bekend is nie: dat iemand die vrou van sy vader het." 1 Kor.5:1.**

Hy was reg in sy oordeel. Die insetting deur God gegee aan sy kerk lees, "**Vervloek is hy wat met die vrou van sy vader gemeenskap het." Deut 27:20.**

Later, in 1 Kor.6:9,10, sê Paulus dat die homoseksueel, saam met ander nie-boetvaardige sondaars, die koninkryk van God nie kan beërwe nie. Vandag sal sommige van die kenners van die Skrifte Paulus se outoritiet bevraagteken om sulke sterk oordeel uit te spreek. Hulle argumenteer dat Paulus opgetree het vanuit die oortuigings binne die heersende kultuur van Judaisme.

Maar eintlik het Paulus sekere Jode teengestaan wat teen die geopenbaarde Woord van God ingegaan het. God se Woord, soos opgeteken in die insettinge, was duidelik vir die apostel. Let op sy woorde:

**“En as ‘n man met ‘n manspersoon gemeenskap het soos ‘n mens met ‘n vrou het, het hulle altwee iets gruweliks gedoen.” Lev. 20:13.**

Omdat die tien gebooie slegs die seksuele sonde van egbreuk noem, en niks noem omtrent homoseksualiteit nie, word dit deur sommige valslik beweer dat Paulus sy eie opinie uitgespreek het. Hulle is verkeerd. Paulus het geweet dat die Gees van God dieselfde waarheid spreek as die bogenoemde insetting. Vriende, die Gees van God sal nie die gebooie van God verander nie.

Die insettinge verklaar die tien gebooie so dat die kind van God “volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus.” Mev. White skryf, “Ons is onder ‘n verpligting om hierdie spesifikasies uit te voer, want daardeur vervul ons die spesifikasies van die wet van God.” God is reg, Paulus is reg, en sy is reg.

Die apostel Jakobus verklaar ook dat die insettinge, soos aangeteken in die wet van Moses, saam met die tien gebooie, die wet van God vorm. By voorbeeld, nadat hy geskryf het oor ‘n ryk man in pragtige klere, en ‘n arm man in vuil klere, het hy die voorkeur wat hulle aan die ryk man gee, veroordeel, deur die volgende aanhaling:

**“Maar as julle <u>partydig is</u>, doen julle sonde en word deur die wet as oortreders bestraf. ” (klem ingevoeg) Jak.2:9.**

Hierdie is ‘n ernstige oortreding! Na watter wet verwys hy? Hy verwys na die wet van insettinge soos opgeteken in Lev. 19:15:

**“Julle mag geen onreg doen in die gereg nie. Jy mag vir die geringe nie partydig wees nie en die aansienlike nie voortrek nie. Met geregtigheid moet jy oor jou naaste oordeel. ” Lev. 19:15.**

Jakobus dui aan dit is 'n sonde om hierdie wet te oortree! Hierdie insetting word herhaal, soos baie van hulle, in **Deut.1:17: "Julle mag in die gereg nie partydig wees nie; julle moet klein sowel as groot aanhoor…"**

Jakobus, in die Nuwe Testament, dui duidelik aan dat oortreding van hierdie wet 'n sonde is.

In Jak.2:8 verwys die apostel na 'n ander insetting en erken dit as deel van die "koninklike wet." **"As julle ewenwel die koninklike wet volbring volgens die Skrif: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself—dan doen julle goed."** Hierdie wet wat Jakobus aanhaal is opgeteken in **Lev. 19:18: "Jy mag nie wraakgierig of haatdraend teenoor die kinders van jou volk wees nie, maar <u>jy moet jou naaste liefhê soos jouself</u>. Ek is die HERE."**

Jakobus sê dat indien ons die koninklike wet wil volbring, moet die bogenoemde insetting gehoorsaam word. In Matt.22:36-39 verwys ons Here ook na dieselfde insetting, en weer na nog een in Deut.6:5.

**"Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand." Matt.22:37.**

Om enige van die bogenoemde insettinge te oortree, is duidelik uit harmonie met die lering van die Nuwe Testament.

In Jakobus 2 verwys die apostel verder na twee van die tien gebooie, na egbreuk en moord, en kom tot die gevolgtrekking dat al vier van hierdie wette deel vorm van die groot wet van vryheid:

1. Onregverdige aanneming van die persoon.
2. Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.
3. Jy mag nie egbreuk pleeg nie.
4. Jy mag nie steel nie.

Vriende, wil jy vry wees van sonde? Die bloed van Christus maak jou vry van alle sonde, en die hele wet sal jou wys hoe om te wandel in vryheid.

Prys die Here! Ek is tot alles in staat deur Christus wat my die krag gee! Hy sal nie net jou sonde vergewe nie, maar sal jou skoon was van alle ongeregtigheid. Jy kan jouself tel onder dié wat die gebooie van God bewaar, en wat die getuienis van Jesus hou.

## Die vierde Engel
## Of Is Hy Die Sewende?

In Open 18:1 verskyn daar 'n engel wat "die aarde verlig deur sy heerlikheid." Hy word die vierdie engel genoem omdat hy dinge voeg by die boodskap van die derde engel van Open 14:9. Hy word die sewende engel genoem as gevolg van die aantal engele genoem in die boek Openbaring. Beginnende by die 3de engel, deur die engele te tel wat genoem word tot die einde van die Bybel, is hy die sewende engel.

Ellen White vertel ons dat sy boodskap verwerp word deur die kerk van Laodicea. Sy verbind ook die boodskap aan die krag van God deur die Heilige Gees, wat, soos voorspel, heersend sal wees gedurende die "luide roep."

In Open.18 word die vierde engel beskryf as die engel wat "die aarde verlig deur sy heerlikheid." In die boek **Maranatha P. 219** wys Ellen White meer duidelik daarop dat hierdie engel se boodskap verwerp sal word.

**"In die manifestasie van die krag wat die aarde verlig met die heerlikheid van God, sal hulle net iets sien wat vir hulle, in hulle blindheid, gevaarlik lyk. Iets wat hulle vrese sal opwek, en hulle sal hul gereed maak om dit te weerstaan. Omdat die Here nie werk volgens hulle verwagtinge en ideale nie, sal hulle die woord teenstaan. "Hoekom," sê hulle, "sal ons nie die werk van die Heilige Gees ken nie, as ons so lank al in die werk staan?" Omdat hulle nie gereageer het op die waarskuwings, die smekinge van die boodskappe van God nie, maar aanhoudend gesê het: 'Ek is ryk en het verryk geword, en het aan niks gebrek nie.' "**

Die frase "Ek is ryk en het verryk geword en het aan niks gebrek nie" is natuurlik die negatiewe reaksie van die kerk van Laodicea in Open.3. Die boodskap wat hulle verwerp is die boodskap van die vierde (sewende) engel "wat die aarde verlig met sy heerlikheid" soos aangedui aan die begin van haar paragraaf. Die boodskap van die engel word verduidelik deur suster White in **2MR 58; 1888 Materials p.160 en in 3EGW Biography p.389**:

**"My gids het gesê: 'Daar is nog baie lig wat moet skyn vanuit die wet van God en die evangelie van geregtigheid. Die boodskap, indien dit verstaan word in sy ware karakter, en verkondig word in die Gees*, sal die aarde verlig met sy heerlikheid.'* "** (klem ingevoeg).

Die vierde engel se boodskap bevat naatuurlik *baie meer lig*, soos sy sê, omtrent die wet van God, wat uitgestraal moet word.

Let op 'n treffende stelling gemaak, uit **Advent Review and Sabbath Herald, 13 Okt.1904**, in 'n artikel getiteld "Die Finale Werk." Let op hoe sy die insettinge verbind aan die finale uitstorting van die Gees van God op ons.

**'n Heel interessante Ellen White scenario**

**"Die reddende kennis van God sal sy reinigende werk bewerkstellig in die gedagtes en harte van elke gelowige. Die Woord verklaar: "Dan sal Ek skoon water op julle giet, sodat julle rein kan word; van al jul onreinhede en van al jul drekgode sal Ek julle reinig. En Ek sal julle 'n nuwe hart gee en 'n nuwe gees in jul binneste gee; en Ek sal die hart van klip uit julle vlees wegneem en julle 'n hart van vlees gee. En Ek sal my Gees in jul binneste gee en sal maak dat julle in my insettinge wandel en my verordeninge onderhou en doen."(Eseg 36:25-27). Dit is die Heilige Gees wat neerdaal, gestuur deur God, om sy amptelike werk te doen. Die huis van Israel moet vervul word met die Heilige Gees, en gedoop word in die genade van redding."**

# Is die feeste deel van die morele wet of deel van die seremoniële wet?

Dit is ‘n vraag wat te lank gedebatteer is. Ek vertrou dat die volgende paragraaf die vraag sal help opklaar. In die volgende aanhaling sê Ellen White dat daar twee wette is: moreel en seremonieël.

**“Daar is twee unieke wette wat aan die lig gebring word. Een is die wet van tipes en skadu’s wat van krag was tot en met Christus se koms, en wat uit die weg geruim is toe tipes en anti-tipes mekaar ontmoet het in sy dood. Die ander is die wet van Jehovah, en is bindend en onveranderlik soos Sy ewige troon. Na die kruisiging, het die Jode Christus ontken deur voort te gaan met slagofffers en ander offerandes, wat vooruit gewys het na sy dood. Dit het aan die wêreld verkondig dat hulle steeds gewag het op die koms van ‘n Verlosser, en dat hulle nie geglo het in Hom wat sy lewe opgeoffer het vir die sonde van die wêreld nie. Dus het die seremoniële wet opgehou om van krag te wees deur die dood van Christus. (Signs of the Tmes, 29 Julie 1886).** Let op dat Ellen White sê om die seremoniële wet te onderhou na die dood van Christus is om hom te ontken of verloën.

Ellen White dui verder aan dat Jesus nooit die seremoniële wet onderhou het nie. Die seremoniële wet bestaan daaruit om ‘n lam te slag as iemand gesondig het, om vergifnis vir daardie sonde te verkry. Hierdie wet is ingestel toe Adam en Eva gesondig het en is beëindig by die kruis, want Jesus was die Lam van God wat geslag is vir ons sonde. Omdat Jesus nooit gesondig het nie, het Hy nie nodig gehad om deel te neem aan die seremoniële wet nie. Hier is Ellen White se aanhaling wat aandui dat Jesus nooit aan die seremoniële dienste deelgeneem het nie: **“Christus het dwarsdeur sy kindwees, jeug en manlike jare nooit die seremoniële tempeldienste onderhou nie.” (BE, 31 Okt. 1898).**

Maar Jesus het wel deelgeneem aan die feeste. Joh.7 vermeld sy ondervindinge by die Huttefees. Ellen White gee meer informasie**: “Jesus het**

**op en af deur die land gereis en sy uitnodiging na die Huttefees gegee. Toe die son die landskap verlig het, het Jesus aan die groot menigte gesê: 'Ek is die lig van die wêreld; wie My volg, sal sekerlik nie in die duisternis wandel nie, maar sal die lig van die lewe hê.' Hy het van die geleentheid gebruik gemaak om Homself aan die mense voor te stel gedurende die feesdae, toe hulle in Jerusalem byeengekom het." Advent Review & Sabbath Herald, 7 Jul 1896)**. Die volgende aanhaling dui aan dat Jesus ook die Pasga onderhou het: **"Onder die Jode is die twaalfde jaar beskou as die skeidingsjaar tussen die kinder- en jongelingsjare. As hy twaalf jaar oud is, is die Joodse seun genoem 'n seun van die wet, en ook 'n seun van God. Dan is aan hom spesiale geleentheid gegee vir godsdiensonderrig, en daar is verwag dat hy moet deelneem aan die heilige feeste en gebruike. Dit was ooreenkomstig hierdie gebruik dat Jesus as jongeling die paasbesoek na Jerusalem afgelê het." (KE 68; DA P.75)**. Luk.22:15-16 vermeld dat Jesus die Pasga vier saam met sy dissipels en in hierdie verse stel Jesus dit duidelik dat die Pasga nie vervul is totdat ons dit saam met Hom sal vier in die koninkryk van die hemele.

**Jesus is met die feeste verbind**.

Omdat Jesus nooit die seremoniële wet onderhou het nie, en omdat Hy wel die feeste waargeneem het (en nog sal waarneem), en omdat daar twee wette is, moreel en seremonieël, in watter wet het Jesus die feeste geplaas? Die antwoord is voor-die-hand-liggend.

In die volgende aanhaling wys Ellen White dat Paulus ook nie die seremoniële wette na die kruis waargeneem het nie, en nooit sy bekeerlinge so geleer het nie. **"Paulus het nie homself of sy bekeerlinge aan die seremonies en gebruike van die Jode, met die verskillende vorme, tipes, beelde en offerandes gebind nie; want hy het erken dat die finale en volkome offer gemaak is in die dood van die Seun van God." (LP 105). "Faksies het begin opstaan deur die invloed van verjoodse kenners, wat daarop aangedring het dat christelike bekeerlinge die seremoniële wet**

**moet onderhou deur die besnydenis. .. Hulle het hulle posisie gestand gedoen, en daarmee hulself teenoor Paulus opgestel."(LP 121)**. Ellen White lewer kommentaar op die effek van Paulus se lering en skryf: **"Van alle kante was daar berigte oor die verspreiding van die nuwe leer wat die Jode vrygestel het van die rites van die seremoniële wet en waardeur heidene dieselfde voorregte kon hê om die kinders van Abraham te wees." (HA 307; AA 390).** Bietjie laer af op dieselfde bladsy voeg sy by, "**Hy moes sy plan om betyds vir die paasfees in Jerusalem te wees, prysgee, maar hy het gehoop dat hy vir die Pinksterfees daar kon wees." (HA308; AA390).** Verder op dieselfde bladsy vertel sy, **"Paulus het in Filippi vertoef om die paasfees te vier."**

**Paulus is ook met die feeste verbind.**

Dit blyk dat Paulus die feeste onderhou het, en ook sy bekeerlinge. Die Skrifte stem ooreen: **"Maar van hulle afskeid geneem en gesê: Ek moet sekerlik die komende fees in Jerusalem vier." (Hand 18:21).** Ellen White verklaar hiedie teks. "**Nadat Paulus uit Korinthe vertrek het, was sy volgende arbeidsveld in Efese. Hy was onderweg na Jerusalem om die naderende fees by te woon, en dus was sy verblyf in Efese noodgedwonge van korte duur." (HA 214, AA269)**. Paulus was nie betyds in Jerusalem vir die fees nie, dus het hy die fees gehou met sy bekeerlinge in Filippi: **"Maar ná die dae van die ongesuurde brode het ons van Filíppi uitgeseil." (Hand 20:6)**. **"Die Filippense was die liefdevolste en getrouste van al die apostel se bekeerlinge en gedurende die ag dae van die fees het hy gelukkige en vreedsame gemeenskap met hulle geniet." (HA 308; AA390-391). "Suiwer dan die ou suurdeeg uit, sodat julle 'n nuwe deeg kan wees—soos julle inderdaad ongesuurd is—want ook ons paaslam is vir ons geslag, naamlik Christus. Laat ons dan feesvier, nie met die ou suurdeeg of met die suurdeeg van ondeug en boosheid nie, maar met die ongesuurde brode van reinheid en waarheid. " (1 Kor 5:7-8).**

Ellen White leer ons dat Paulus nie die seremoniële wet onderhou het nie, en nie sy bekeerlinge geleer het om dit nie te doen nie, maar dat hy

steeds die feeste onderhou saam met sy bekeerlinge. Dit blyk dat Paulus ook gedink het dat die feeste moreel is.

Ons eie SDA Commentary sê dat Johannes die Openbaarder en baie ander vroeë christene die Pasga onderhou het na die kruis. Hierdie aanhaling is vanuit die SDA Commentary, Vol 9, p.362, en haal aan uit 'n brief van 'n vroeë christen, geskryf plus-minus 150n.C. [p.505] "Daarom onderhou ons onwankelbaar die dag, deur nie weg te neem of by te voeg nie, want in Asië het baie groot leiers ontslaap, en hulle sal opstaan op die dag van die wederkoms van die Here, wanneer Hy sal kom met heerlikheid van die hemel en die heiliges roep. So ook Fillipus,… en twee van sy dogters…[p.507] Daar is ook Johannes, wat aan die bors van die Here gelê het… daar is ook Polycarp in Smirna, beide biskop en martelaar, en Thraseas, beide biskop en martelaar, van Eumenaea… [Ook] Sagaris… Papirius… en Melito… Al hierdie mense het die veertiende van die maand gehou as die begin van die Pasga-feestelikhede, in ooreenstemming met die Evangelie, om nie in die minste af te wyk, maar navolgers te wees van die reël van die geloof. En laaste van almal, sal ek, Polekrates, die minste van almal, optree volgens die tradisie van my familie, sommiges van wie ek wel volg; want sewe van hulle was biskoppe en ek is die agste, en my mense het nog altyd die dag onderhou waarin ons die suurdeeg wegbêre. Dus is ek, liewe vriende, nadat ek 65 jaar gedien het in die diens van die Here en met baie christene van verskillende wêrelddele gesprekke gevoer het, en nadat ek die Heilige Skrifte noukeurig ondersoek het, nie bevrees vir bedreigings nie. Beter mense as ekself het gesê: "Ons moet aan God meer gehoorsaam wees as aan die mense."

**"Na die kruisiging, het die Jode Christus ontken deur voort te gaan met slagofffers en ander offerandes, wat vooruit gewys het na sy dood. Dit het aan die wêreld verkondig dat hulle steeds uitgesien het na die koms van 'n Verlosser, en dat hulle nie geglo het in Hom wat sy lewe opgeoffer het vir die sonde van die wêreld nie. Dus het die seremoniële wet opgehou om van krag te wees in die dood van Christus. (Signs of the Times, 29 Julie 1886).** Dit was 'n ontkenning of verloëning van Christus om die seremoniële wet te

onderhou na die kruis. As die feeste deel was van die seremoniële wet, dan het Paulus, Johannes die Openbaarder, en baie ander christene, Christus verloën. Paulus en Johannes die Openbaarder het die meerderheid van die Nuwe Testament geskryf. Dink jy die Heilige Gees sal iemand wat Christus verloën gebruik om die grootste gedeelte van die Nuwe Testament te skryf? Ek dink nie so nie!

**"In antieke tye het God sy mense opdrag gegee om drie maal per jaar bymekaar te kom vir Sy aanbidding. Tydens hierdie heilige vierdae het die mense het bymekaargekom en hulle tiendes, sondoffers, en hulle dankoffers gebring. Hulle het bymekaar gekom om te vertel van God se genade, om sy wonderlike werke bekend te maak, en om lofprysing en danksegging te bring. En hulle moes in eenheid die offerdienste doen, wat vooruit gewys het na Christus wat die sonde van die wêreld sou wegneem. Hierdeur sou hulle hulself beskerm van die wêreldse invloede van afgodediens. Geloof, liefde en dankbaarheid moes lewend gehou word in hul harte, en in hulle assosiasie met mekaar in die heilige dienswerke moes hulle nader aan mekaar en aan God gebind word… as die kinders van God hierdie voordele van die heilige vierdae nodig gehad het, hoeveel te meer het ons dit nodig in hierdie laaste dae van gevaar en konflik! En as die mense van die wêreld die lig wat God aan sy kerk toebedeel het, toe nodig gehad het, hoeveel te meer het hulle dit nou nodig!" (6 T 39-40).**

Dit blyk dat Ellen White aanbeveel het dat ons die feeste moet onderhou. Dus, is die feeste deel van die morele wet of die seremoniële wet? Die antwoord is voor-die-hand-liggend. Die feeste is deel van die morele wet. Dit sluit noodwendig die sewendedag sabbat in. **Lev. 23:2,3: "Spreek met die kinders van Israel en sê vir hulle: Die feestye van die HERE wat julle moet uitroep as heilige samekomste dit is my feestye. Ses dae lank kan werk gedoen word, maar op die sewende dag is dit 'n dag van volkome rus, 'n heilige vierdag; géén werk mag julle doen nie dit is 'n sabbat van die HERE in al julle woonplekke."** Ja, die sewendeddag sabbat is een van sy feeesdae, en daarom is dit ook onder die morele wet.

Omdat hulle almal deel vorm van die morele wet, beteken dit dat die feeste vir ewig onderhou sal word. En die Bybel bevestig wel dat die feeste in die ewigheid onderhou sal word. "**En almal wat oorbly uit al die nasies wat teen Jerusalem aangekom het, sal jaar na jaar optrek om te aanbid voor die Koning, die HERE van die leërskare, en om die huttefees te vier." Sag 14:16.** Lees die hele hoofstuk om die konteks te sien in die nuwe aarde. Sag.14:4 dui aan dat Jesus sal neerdaal op die Olyfberg, wat middeldeur gesplyt sal word, om die weg te baan vir die nuwe Jerusalem om neer te daal, en die Here sal dan Koning wees oor die hele aarde (sien vers 9). Jesus kan nie koning wees oor die hele aarde totdat alle sonde en sondaars van die aarde verwyder is vir ewig nie. Ons sal die Huttefees vier vir altyd in die ewigheid, net soos Lev.23 ons vertel om dit te doen. In daardie hoofstuk is daar vier maal 'n aanduiding dat ons God se feeste vir ewig sal vier.

Liewe vriende, aangesien ons die feeste vir ewig sal vier in die hemel, en aangesien dit deel is van die morele wet, nooi ons jou uit om rustig en stil by honderde ander aan te sluit in die onderhouding daarvan. Die genieting van 'n geestelike fees is waarlik vir almal 'n voordeel.

In **Review and Herald, 17 Jun.1890**, word 'n hele paar meer interessante stellings gemaak: **"Die stryd, wat in die hemel begin het oor die wet van God, word steeds op aarde gevoer sedert Satan se uitwerping uit die hemel."** Vriende, ons moet stewig staan in ons morele toewyding aan Hom, maak nie saak hoe die stryd om ons woed nie. Sy voeg ook by, **"Die groot boek van insettinge is waarheid, en waarheid alleen; dit dui met foutlose akkuraatheid die geskiedenis van Satan se misleiding en die ruïnering van sy volgelinge."** Die 10 gebooie sê niks oor Satan, maar die insettinge wel. Byvoorbeeld, Satan se misleiding van oordrywing het gelei tot Israel se vrees van "reuse" en stede wat ommuur is "tot die hemel toe." Dit het gelei tot die verlies van 'n hele geslag Israeliete, behalwe vir Josua en Kaleb. Die groot boek van insettinge wat hierdie stories bevat, is waarna sy verwys. Haar aanhaling gaan voort: **"Satan het voorgegee dat hy wette kan**

**voorstel wat beter sal wees as God se wet, God se insettinge en gebooie; en hy is geskors uit die hemel."**

Duidelik skryf sy oor baie meer as net die 10 gebooie. Sy wys op 'n hoër en groter toets van toewyding. Dieselfde boodskap is in die boodskap van Elía. Die Elía-boodskap weerlê die bogenoemde sataniese aktiwiteite. Die Elía-boodskap verhoog die wet, die insettinge en verordeninge.

Vraag: sal ons volg in die voetspore van í? Of sal ons volg in die voetspore van die groot bedrieër?

Om mee af te sluit: die skrywer glo daar is geen rede tot enige verset vanaf 'n leser, veroorssak deur hierdie studies nie. Slegs in die ongelukkige geval as iemand dalk aanstoot neem, word die volgende stelling bygevoeg:

**"Niks is vir my meer skrikwekkend as wanneer die gees van onmin onder broers manifesteer. Ons beweeg op gevaarlike terrein as ons nie kan saamkom soos christene, en op hoflike manier verskil oor teenstrydighede nie. Ek voel of ek kan vlug van hierdie plek, eer ek die vorm aanneem van dié wat nie eerlik ondersoek instel na Bybelse leerstellings nie. Dié wat nie onpartydig ondersoek kan instel na die bewyse van 'n posisie wat verskil van hulle s'n nie, is nie geskik om lering te gee binne enige afdeling van God se werk nie." ARSH 18 Feb 1890; 1 SM 411; 1888 Materials 534.**

My begeerte is dat ons almal geskik bly om lering te gee.

Daar is inderdaar *baie* meer lig omtrent hierdie onderwerp as wat in hierdie klein boekie bevat is. Sedert sy eerste uitgawe in 1998 is baie meer boeke, VHS, en DVD studies deur verskeie predikers en outeurs uitgegee oor hierdie onderwerp. Ons versoek dat jy voordeel trek uit die studie materiaal wat op die volgende bladsy verskyn.

# Vir meer inligting omtrent

# God se heilige dae

Meer materiaal van die outeur:

## New discoveries from Old Manuscripts (DVD's)

Hierdie is 'n stel van 9 DVD's. Dit bevat 'n *baie* meer volledige studie oor hierdie tydige onderwerp.

## New Discoveries from Old Manuscripts (book)

Hierdie is die bogenoemde 9-volume reeks in boekvorm (en bevat twee addisionele hoofstukke). Dit bevat 'n *baie* meer volledige studie oor hierdie tydige onderwerp.

## Heilige Geskiedenis 2de Uitgawe

Addisionele kopieë van hierdie boek.

www. BibleExplorations.com

Nadat hy as tandarts gepraktiseer het in Colorado, het ouderling John VanDenBurgh konferensie evangelis geword vir Suid-Dakota, Minnesota, Iowa/Missouri and Suidelike Kalifornië Konferensies. Hy het ook uitreike gehou in die Fillipyne en Rusland. Hy is gegradueer in Teologie en Tandheelkunde.

Die skrywer glo dat dit tyd is vir die 144000 om eenkant te staan van die wêreld en sy ongunstige invloede. Hy sien hulle as mense vol vertroue, lojale en beheersde mense, met hulle fokus op God en sy ideaal vir hulle. Hierdie boek is geskryf as hulpmiddel en praktiese leiding vir hulle om die karakter te ontwikkel wat hulle werklik wil hê.

"…dit is hulle wat gekoop is uit die mense as eerstelinge vir God en die Lam. En in hulle mond is daar geen bedrog gevind nie; want hulle is sonder gebrek voor die troon van God."

(Open 14:4, 5 ; ST 476; EW 30)

"Daar is wonderbaarlike waarhede wat nog voor die mense van God ontbloot moet word. Voorregte en pligte wat hulle nie eens verwag in die Bybel nie, sal voor die navolgers van Christus blootgelê word. Soos wat hulle die pad bewandel van nederige gehoorsaamheid, deur God se wil te doen, sal hulle meer en meer leer van die Godsprake, en sal hulle gevestig word in die regte leerstellings."

(Vanuit: That I May Know Him, bl.114, EGW 1888 Materials p.333)

"… sodat struikelblokke wat die progressie van waarheid verhinder, uit die weg geruim kan word, en dat God 'n rein en heilige volk kan hê wat die insettinge en verordeninge van God kan bekend maak.

Die Kaptein van ons verlossing lei sy mense stap vir stap, Hy maak hulle rein en gereed om ten hemele gevoer te word…"

(Vanuit: 1 T 333)